Om voorsiening te maak vir die instelling van die Dube Handelshawe korporasie; om die oogmerke, bevoegdhede, pligte en funksies van die Dube Handelshawe korporasie te bepaal; om die wyse waarop die Dube Handelshawe korporasie bestuur, beheer, van personeel voorsien en gefinansier moet word; om voorsiening te maak vir likwidasië van die Dube Handelshawe maatskappy; om voorsiening te maak daarvoor dat die Dube Handelshawe korporasie die regsopvolger van die Dube Handelshawe maatskappy sal wees; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

DAAR WORD soos volg deur die Wetgewer van die provinsie KwaZulu-Natal bepaal:—

INDELING VAN ARTIKELS

Artikel

HOOFSTUK 1
OMSKRYWINGS

1. Omskrywings

HOOFSTUK 2

DUBE HANDELSHAWE KORPORASIE

2. Instelling van die Dube Handelshawe korporasie
3. Oogmerke van die Dube Handelshawe korporasie
4. Bevoegdheid, pligte en funksies van die Dube Handelshawe korporasie

HOOFSTUK 3

RAAD VAN DUBE HANDELSHAWE KORPORASIE

5. Samestelling van die Raad
6. Onbevoegdheid vir aanstelling op die Raad
7. Verklaring van finansiële of ander belange van lede van die Raad
8. Ampstermyn en heraanstelling van lid van die Raad
9. Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van lede van die Raad
10. Tydelike skorsing van lid van die Raad
11. Vergaderings en prosedures by vergaderings van die Raad
12. Onttrekking van lid van vergaderings en verrigtinge van die Raad
13. Vergoeding van lede van die Raad
14. Instelling van komitees om die Raad by te staan
15. Koöptering van persone op Raad of komitees van die Raad

HOOFSTUK 4

HOOF- UITVOERENDE BEAMPTTE EN PERSONEEL VAN DIE DUBE HANDELSHAWE
KORPORASIE

16. Hoof- uitvoerende beampte van die Dube Handelshawe korporasie
17. Funksies van die hoof- uitvoerende beampte
18. Bedanking en ontslag uit amp van die hoof- uitvoerende beampte
19. Personeel van die Dube Handelshawe korporasie
20. Sekondering of verplasing van personeel na die Dube Handelshawe korporasie

HOOFSTUK 5

SLEUTELPLAN, BELEIDSVOORSKRIFTE EN STRATEGIESE RIGLYNE

21. Sleutelplan

22. Beleidsvoorskrifte en strategiese riglyne

HOOFSTUK 6

BEFONDSING EN FINANSIËLE BESTUUR VAN DIE DUBE HANDELSHAWE
KORPORASIE

- 23. Fondse van die Dube Handelshawe korporasie
- 24. Finansiële bestuur
- 25. Ouditering en jaarverslag
- 26. Finansiële jaar van die Dube Handelshawe korporasie
- 27. Vaste eiendom
- 28. Regstappe teen die Dube Handelshawe korporasie

HOOFSTUK 7

ALGEMENE BEPALINGS

- 29. Sekuriteit van vertroulike inligting wat deur die Dube Handelshawe korporasie gehou word
- 30. Ontbinding van die Dube Handelshawe korporasie
- 31. Gebruik van naam van die Dube Handelshawe korporasie
- 32. Delegerings
- 33. Regulasies
- 34. Likwidasië van die Dube Handelshawe maatskappy en oorgangsbepalings
- 35. Algemene oortredings
- 36. Strawwe
- 37. Kort titel

HOOFSTUK 1

OMSKRYWINGS

Omskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die konteks anders blyk, beteken –

"**departement**" die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme of enige opvolger provinsiale departement waarvan die funksies dié van ekonomiese ontwikkeling in KwaZulu-Natal insluit;

"Dube Handelshawe" die multi-modale ontwikkeling wat uit 'n internasionale lughawe, bedryfsone, landbousone, verwante ondersteuningsdienste en verwante aktiwiteite bestaan en 30 kilometer noord van die Durbanse middestad geleë is;

"Dube Handelshawe korporasie" die provinsiale openbare entiteit ingestel ingevolge artikel 2;

"Dube Handelshawe maatskappy" Dube Handelshawe maatskappy, registrasienommer 2002/002810/07, ingestel ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973);

"Dube Handelshawe streek" die streek wat binne 'n 30 kilometer radius van die middel van die internasionale lughawe wat binne die Dube Handelshawe geleë is, val;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"hierdie Wet" insluitend die regulasies;

"hoof- uitvoerende beampte" die hoof- uitvoerende beampte van die Dube Handelshawe korporasie, bedoel in artikel 16;

"hoof van departement" die persoon wat aangestel is as hoof van die departement ingevolge die Staatsdienswet, soos gewysig;

"Koerant" die amptelike *Provinsiale Koerant* van KwaZulu-Natal;

"lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies" die lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal verantwoordelik vir finansies;

"portefeuljekomitee" die portefeuljekomitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling en toerisme;

"provinsiale openbare entiteit" 'n provinsiale openbare entiteit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

"provinsie" die provinsie KwaZulu-Natal bedoel in artikel 103 van die Grondwet en **"provinsiale"** het 'n ooreenstemmende betekenis;

"Raad" die Raad van die Dube Handelshawe korporasie bedoel in artikel 5;

"regulasies" regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 33;

"sleutelplan" die sleutelplan vir die ontwikkeling, ontwerp en konstruksie van 'n multi-modale vervoermiddelpunt in die Dube Handelshawe streek soos bedoel in artikel 21;

"Uitvoerende Raad" die Uitvoerende Raad van die provinsie bedoel in artikel 132 van die Grondwet;

"verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad" die lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling en toerisme of enige lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal aan wie die Premier die administrasie van hierdie Wet toegewys het;

"Wet op Openbare Finansiële Bestuur " die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

HOOFSTUK 2

DUBE HANDELSHAWE KORPORASIE

Instelling van die Dube Handelshawe korporasie

2.(1) Hiermee word 'n provinsiale openbare entiteit ingestel wat as die Dube Handelshawe korporasie bekend sal staan.

- (2) Die Dube Handelshawe korporasie is 'n regs persoon wat deur die Raad werk.
- (3) Die Dube Handelshawe korporasie is onderworpe aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.
- (4) Die Raad is die rekenpligtige gesag van die Dube Handelshawe korporasie soos bedoel in artikel 49(2)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

Oogmerke van die Dube Handelshawe korporasie

3. Die oogmerke van die Dube Handelshawe korporasie is –

- (a) om die Dube Handelshawe te ontwikkel;
- (b) om projekte wat met die Dube Handelshawe verband hou, te onderneem of daarin te belê;
- (c) om ekonomiese groei in die provinsie te fasiliteer deur die Dube Handelshawe;
- (d) om langtermyn belegging na die provinsie te lok;
- (e) om in- en uitvoer deur die Dube Handelshawe te fasiliteer; en
- (f) om die bevoegdhede, pligte en funksies soos in artikel 4 gespesifiseer, uit te voer.

Bevoegdhede, pligte en funksies van die Dube Handelshawe korporasie en die Raad

4.(1) Die Dube Handelshawe korporasie moet, deur die Raad –

- (a) die strategiese beplanning, instelling, ontwerp, konstruksie, bedryf, bestuur en beheer van die Dube Handelshawe verseker;
- (b) die sleutelplan implementeer en uitvoering daaraan gee vir die ekonomiese groei van die Dube Handelshawe streek en die provinsie;
- (c) sy hulpbronne bestuur en benut ooreenkomstig sy oogmerke en die vereistes van die sleutelplan;

- (d) beleggingsgeleenthede in die Dube Handelshawe identifiseer, ontwikkel, bemark en bevorder; en
- (e) 'n beleggingsplan vir die Dube Handelshawe ontwikkel.

(2) Die Dube Handelshawe korporasie kan –

- (a) vir die doel om die provinsie te ontwikkel, bevorder, bemark of daarin te belê, en onderhewig aan die vooraf skriftelike goedkeuring van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad –
 - (i) een of meer maatskappye, beslote korporasies of ander soortgelyke liggame instel en bedryf;
 - (ii) gesamentlike ondernemings met ander instellings, organisasies, munisipaliteite, liggame of persone aangaan; en
 - (iii) fondse insamel deur donasies en borgskappe;
- (b) met die vooraf skriftelike goedkeuring van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, aandele en belange in maatskappye, beslote korporasies of ander soortgelyke liggame verkry of oor beskik;
- (c) met enige ender entiteit, staatsorgaan, organisasie of instelling skakel wie se werksaamhede of mikpunte 'n impak het op en verband hou met die ontwikkeling, bevordering, bemarking of belegging in die provinsie;
- (d) deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad enige aangeleentheid wat direk of indirek verband hou met die bevordering, ontwikkeling, bemarking of belegging in die provinsie, ondersoek en aanbevelings aan die Uitvoerende Raad maak;
- (e) ooreenkomste aangaan vir die bereiking van sy oogmerke, die uitvoering van sy bevoegdhede, pligte en funksies of die bestuur en administrasie van sy sake, hetsy spesifiek daarvoor voorsiening gemaak is in hierdie artikel of nie;
- (f) deelneem aan die bestuur, toesighouding en beheer van die besigheid of werksaamhede van 'n instelling wat dieselfde of soortgelyke oogmerke as die korporasie het;
- (g) projekte wat met sy oogmerke verband hou, onderneem of daarin belê;
- (h) 'n fonds stig om lugvervoerverbintenis met die provinsie te versterk;
- (i) enige ander ding doen of aandag skenk aan enige ander saak wat nodig is ten einde sy oogmerke te bereik en aan die vereistes van die sleutelplan te voldoen; en

(j) enige ander ding doen of aandag skenk aan enige ander saak wat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad nodig ag vir die behoorlike implementering van hierdie Wet.

(3) Buiten die bevoegdhede waarna in subartikel (1) en (2) verwys word, het die Dube Handelshawe korporasie die bevoegdhede vermeld in artikel 54(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

HOOFSTUK 3

RAAD VAN DIE DUBE HANDELSHAWE KORPORASIE

Samestelling van die Raad

5.(1) Die Raad bestaan uit –

- (a) ten minste drie, maar nie meer as agt lede wat deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad aangestel is; en
- (b) die hoof- uitvoerende beampte, *ex officio*, soos bedoel in artikel 16(5).

(2) Lede van die Raad moet bekwame en geskikte persone wees om in die belang van die provinsie op te tree, en gesamentlik oor die volgende vaardighede en kundigheid beskik –

- (a) kennis en kundigheid in finansiële bestuur;
- (b) kennis en kundigheid in die toerismebedryf;
- (c) kennis en kundigheid in die vervoersektor;
- (d) kennis en kundigheid in die ekonomiese ontwikkelingsektor;
- (e) kennis en kundigheid in die eiendomontwikkelingsbedryf; en
- (f) enige ander vaardigheid, ondervinding of kwalifikasie wat, na die mening van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, tot voordeel van die Dube Handelshawe korporasie kan wees.

(3) By aanstelling van lede op die Raad, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verseker dat –

- (a) historiese ongelykhede aangespreek word;

- (b) die Raad, gesamentlik, oor die nodige en toepaslike vaardighede en kundigheid beskik; en
 - (c) die Raad verteenwoordigend is van persone wat in diens of betrokke is by ekonomiese en ontwikkelingsondernemings in die provinsie.
- (4) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet –
- (a) een van die lede van die Raad as die voorsitter van die Raad; en
 - (b) een van die lede van die Raad as die adjunkvoorsitter van die Raad, aanwys.
- (5) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan 'n persoon as sy of haar verteenwoordiger aanstel wat –
- (a) skakeling tussen die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad en die Raad moet fasiliteer;
 - (b) van tyd tot tyd aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet rapporteer aangaande sake wat tersaaklik geag word; en
 - (c) vergaderings van die Raad kan bywoon en deelneem aan besprekings, maar nie die reg het om te stem wanneer 'n besluit van die Raad geneem word nie.
- (6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, deur middel van kennisgewing in die *Koerant*, enige belanghebbende partye binne die provinsie uitnooi om kandidate vir aanstelling op die Raad te benoem.
- (7) Die uitnodiging vir benoeming moet –
- (a) die benoemingsprosedure;
 - (b) die vereistes vir benoeming; en
 - (c) die sluitingsdatum vir die benoeming, spesifiseer.
- (8) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet alle benoemings wat voorgelê is in reaksie op die kennisgewing oorweeg, en kan 'n keuringspaneel aanstel om al die benoemings te hersien en aanbevelings te maak aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad aangaande die benoemdes.

(9) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet die name van die persone wat op die Raad aangestel word in die *Koerant* laat publiseer en in ten minste twee koerante wat in die provinsie sirkuleer, onmiddellik nadat sodanige persone skriftelik van hul aanstelling op die Raad in kennis gestel is.

(10) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, binne twee maande na die aanstelling van lede van die Raad ingevolge subartikel (1), die Uitvoerende Raad en die Portefeuljekomitee inlig aangaande die name van die aangestelde lede insluitend die termyn van hul aanstelling.

(11) Hierdie artikel is met die nodige veranderinge van toepassing op die vul van 'n vakature op die Raad.

Onbevoegdheid vir aanstelling op die Raad

6. 'n Persoon is onbevoeg vir aanstelling op die Raad, of om op die Raad aan te bly, indien hy of sy –

- (a) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (b) deur 'n bevoegde hof as ontoerekeningsvatbaar verklaar is;
- (c) direk of indirek belang het by enige kontrak met die Raad en versuim om sy of haar belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse soos deur hierdie Wet vereis;
- (d) 'n persoon onder kuratorskap is;
- (e) ter enige tyd uit 'n vertrouensamp ontslaan is as gevolg van wangedrag wat diefstal of bedrog behels;
- (f) skuldig bevind is en gevonnissen word tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, buiten dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad by ontvangs van 'n beëdigde verklaring wat volle besonderhede bevat van 'n misdryf deur 'n persoon wat benoem is vir aanstelling, 'n misdryf kan verskoon op 'n wyse wat konsekwent is met artikel 106(1)(e) van die Grondwet: Met dien verstande dat onbevoegdheid kragtens hierdie subartikel eindig vyf jaar nadat die vonnis uitgedien is; en

(f) versuim om 'n belang ooreenkomstig artikel 7 te verklaar of die verrigtinge van die Raad bygewoon het of daaraan deelgeneem het terwyl hy of sy 'n belang het soos in die vermeldde artikel vermeld.

Verklaring van finansiële of ander belange van lede van die Raad

7.(1) 'n Persoon wat benoem is om op die Raad te dien ingevolge subartikel 5(8) moet, binne 10 dae na benoeming, 'n skriftelike verklaring aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorlê van alle direkte of indirekte belange in enige maatskappy of ander sakebelange.

(2) Versuim deur die benoemde om finansiële en ander belange openbaar te maak ingevolge subartikel (1) maak sodanige benoemde ingevolge artikel 6 onbevoeg om oorweeg te word as lid van die Raad.

(3) Elke lid van die Raad moet, wanneer hy of sy die amp aanvaar en aan die begin van elke finansiële jaar van die Raad, 'n skriftelike verklaring voorlê van sy of haar direkte of indirekte belang in enige maatskappy of ander sakebelang op die wyse soos in artikel 234(3)(a) van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973) bepaal.

(4) Waar 'n lid van die Raad 'n belang in enige maatskappy of ander sakebelang verkry op enige tydstip gedurende sy of haar ampstermyn as 'n lid van die Raad, moet hy of sy binne 10 dae na die datum van die verkryging van sodanige belang, 'n skriftelike verklaring aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad van sodanige belang voorlê.

(5) Enige versuim deur die lid om sy of haar belang te verklaar soos bedoel in subartikels (3) en (4) moet lei tot beëindiging van aanstelling van sodanige lid ingevolge artikel 9(2).

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet 'n opgedateerde register hou van die belange van lede van die Raad wat ingevolge hierdie artikel verklaar is.

Ampstermyn en heraanstelling van 'n lid van die Raad

8. Die ampstermyn van 'n persoon wat op die Raad aangestel is, duur 'n tydperk van 5 jaar of sodanige korter tydperk soos die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad mag bepaal en is, onderhewig aan artikel 5, verkiesbaar vir heraanstelling by die verstryking van sodanige tydperk: Met dien verstande dat geen persoon heraangestel mag word nadat hy of sy op die Raad gedien het vir 'n aaneenlopende tydperk van tien jaar nie.

Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van 'n lid van die Raad

9.(1) 'n Lid van die Raad moet die amp verlaat indien hy of sy onbevoeg raak soos bedoel in artikel 6.

(2) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, nadat die lid 'n geleentheid gebied is om sy of haar saak te stel, te eniger tyd die ampstermyn van sodanige lid beëindig, indien volgens sy of haar diskresie, daar goeie redes daarvoor is.

(3) 'n Lid moet sy of haar amp verlaat indien hy of sy afwesig is, sonder dat verlof vir sodanige afwesigheid deur die Raad toegestaan is, van twee opeenvolgende vergaderings van die Raad waarvoor redelike kennis persoonlik of per pos aan daardie lid gegee is.

(4) 'n Lid kan skriftelik uit die amp bedank deur nie minder nie as 30 dae kennis aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad te gee: Met dien verstande dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad die kennisgewingtydperk laat vaar.

(5) Wanneer 'n vakature op die Raad ontstaan, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 5, 'n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstreke deel van die ampstydperk van die lid in wie se plek sodanige persoon aangestel is.

(6) In die geval dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad sy of haar bevoegdhede ingevolge subartikel (2) uitoefen, kan hy of sy, nieteenstaande die prosedure vir die aanstelling van die lede van die Raad soos in artikel 5 uiteengesit, onderhewig aan subartikels 5(2) en 5(3) persone aanstel om op 'n voorlopige grondslag te dien as lede van die Raad: Met dien verstande dat –

- (a) die persone aangestel ingevolge hierdie subartikel nie op die Raad mag aanbly vir 'n tydperk van meer as 90 dae na die datum van hul aanstelling nie; en
- (b) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 5, die lede van die Raad aanstel binne 90 dae na die aanstelling bedoel in hierdie subartikel.

Tydelik skorsing van 'n lid van die Raad

10. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan 'n lid van die Raad skors terwyl die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bewerings ondersoek wat, indien daar gevind word dat dit korrek is, kan lei tot beëindiging van die lid se aanstelling ingevolge artikel 9(2).

Vergaderings en vergaderingsprosedures van die Raad

11.(1) Die eerste vergadering van die Raad moet gehou word op 'n datum, tyd en plek soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bepaal waarna alle toekomstige vergaderings moet plaasvind soos deur die voorsitter bepaal.

(2) Die kworum vir 'n vergadering van die Raad is die meerderheid van die lede van die Raad.

(3) Die verrigtinge by 'n vergadering van die Raad moet, onderhewig aan die bepalings van hierdie artikel, deur die voorsitter bepaal word insluitend die reg om te besluit dat enige aangeleentheid onder bespreking onttrek kan word voordat daaroor gestem word.

(4) Die voorsitter moet by alle vergaderings van die Raad voorsit. Indien die voorsitter afwesig is, moet die adjunkvoorsitter as voorsitter optree en indien beide die voorsitter en die adjunkvoorsitter by 'n vergadering van die Raad afwesig is, kan die lede teenwoordig, uit hul eie geledere, 'n persoon verkies om as voorsitter op te tree vir die duur van daardie spesifieke vergadering.

(5) 'n Besluit van die Raad moet geneem word deur 'n meerderheid van die stemme van die lede wat by 'n vergadering teenwoordig is en, in die geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid, het die voorsitter 'n beslissende stem buiten sy of haar gewone stem.

(6) Die Raad moet notules van sy vergaderings hou.

(7) Geen besluit van die Raad is ongeldig slegs op grond van 'n vakature in die Raad nie: Met dien verstande dat die besluit geneem word deur die vereiste meerderheid van die lede van die Raad daar teenwoordig en geregtig daarop om as lede van die Raad te sit.

(8) Die voorsitter, of 'n meerderheid van die lede van die Raad, kan 'n buitengewone vergadering van die Raad roep in welke geval die bepalinge van hierdie artikel, met die nodige veranderinge, van toepassing is.

(9) Die Raad kan, volgens sy diskresie, lede van die publiek toelaat om enige vergadering van die Raad by te woon.

Onttrekking van 'n lid van vergaderings en verrigtinge van die Raad

12.(1) 'n Lid van die Raad moet hom- of haarself van 'n saak onttrek wat deur die Raad ondersoek, oorweeg of oor gestem word indien een of meer van die volgende geld –

- (a) indien hy of sy 'n direkte of indirekte belang het; of
- (b) indien daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n direkte of indirekte belang mag ontstaan.

(2) Indien dit in enige stadium gedurende die loop van enige verrigtinge voor die Raad blyk dat 'n lid wat by daardie vergadering teenwoordig is, of 'n belang kan hê bedoel in subartikel (1), moet sodanige lid onverwyld die aard van sy of haar belang verklaar en die vergadering verlaat.

(3) Enige verklaring van belang wat ingevolge subartikel (1) gemaak is, moet opgeteken word in die notule van die betrokke vergadering.

(4) Indien dit daarna blyk dat die Raad 'n besluit geneem het oor 'n saak ten opsigte waarvan 'n lid versuim het om 'n belang bedoel in subartikel (1) te verklaar, is sodanige besluit deur die Raad ongeldig.

(5) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit "**indirekte belang**" in, maar is nie beperk nie tot, 'n belang wat gehou word deur enige lid se –

- (a) besigheidsvennoot, kollega of werkgewer, buiten die Staat;
- (b) eggenoot, deelgenoot in 'n gewoontehuwelik, of persoon saam met wie sodanige lid bly of leef asof hul getroud is; of
- (c) kind, ouer, of broer of suster.

Vergoeding van lede van die Raad

13.(1)(a) Onderhewig aan subartikel 2(a) kan 'n lid van die Raad uit die fondse van die Kommissie sodanige vergoeding en toelae betaal word soos bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies; en

(b) 'n Lid van die Raad wat vergoeding, toelae of ander voordele ontvang uit hoofde van sy of haar pos of diens in –

- (i) die nasionale regering;
- (ii) 'n provinsiale regering;
- (iii) 'n munisipaliteit; of
- (iv) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende belang het, en

wat voortgaan om sodanige vergoeding, toelaes of ander voordele te ontvang terwyl hy of sy as 'n lid van die Raad dien, mag slegs vergoeding en toelae ontvang soos vermeld in paragraaf (a) tot die omvang wat vereis word om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of sy sou gewees het indien dit nie vir sodanige pos of diens was nie.

- (2)(a) 'n Lid van die Raad en 'n persoon wat aan die Raad gekoöpteer is, kan met betrekking tot sy of haar funksies as 'n lid of gekoöpteerde lid, vergoeding ontvang uit die fondse van die Korporasie vir redelike werklike reis- en verblyfkoste genoodsaak deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die Raad; en
- (b) Die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies moet prosedures, insluitende beheermaatreëls, bepaal vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir reis- en verblyfkoste bedoel in paragraaf (a).

Instelling van komitees om die Raad by te staan

14.(1) Die Raad kan komitees instel wat uit een of meer van sy lede bestaan om –

- (a) die Raad by te staan in die uitvoering van enige van die bevoegdhede, pligte of funksies van die Raad bedoel in artikel 4; of
- (b) ondersoek in te stel of navorsing te doen oor enige saak wat binne die mandaat van die Raad ingevolge hierdie Wet val.

(2) Wanneer 'n komitee bedoel in subartikel (1) ingestel word, moet die Raad –

- (a) die opdrag van sodanige komitee bepaal, insluitend maar nie beperk nie tot, of sodanige komitee ophou voortbestaan of nie wanneer dit die taak of take voltooi het wat deur die Raad daaraan toegewys is;
- (b) 'n voorsitter van sodanige komitee aanstel wat 'n lid van die Raad moet wees; en
- (c) bepaal of sodanige komitee persone mag koöpteer wat nie lede van die Raad is nie, en indien wel, op watter terme en voorwaardes.

(3) Die Raad kan, te eniger tyd, die bestaan van 'n komitee of enige mandaat wat aan 'n komitee gegee is, beëindig, ongeag of sodanige komitee die taak of take voltooi het wat daaraan deur die Raad toegewys is.

(4)(a) Die hoof- uitvoerende beampte mag vergaderings van 'n komitee bywoon en daaraan deelneem, maar het nie die reg om te stem nie; en

(b) 'n Personeellid van die Raad mag, op uitnodiging deur die tersaaklike komitee, 'n vergadering van daardie komitee bywoon.

Koöptering van persone aan die Raad of komitees van die Raad

15.(1) Die Raad mag, indien hy van mening is dat 'n spesifieke persoon in staat is om hom by te staan met betrekking tot enige van sy funksies en bevoegdhede, sodanige persoon vir daardie doel koöpteer.

(2) 'n Persoon wat gekoöpteer is ingevolge subartikel (1) is nie geregtig daarop om te stem by enige vergadering van die Raad of 'n komitee nie.

(3) 'n Persoon wat gekoöpteer is ingevolge subartikel (1) moet sodanige vergoeding en toelae uit die fondse van die Korporasie ontvang soos bepaal deur die Raad ooreenkomstig artikel 13(2)(a), in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies.

HOOFSUK 4**HOOF- UITVOERENDE BEAMPTTE EN PERSONEEL VAN DIE DUBE HANDELSHAWE
KORPORASIE****Hoof- uitvoerende beampte van die Dube Handelshawe korporasie**

16.(1) Die Raad moet, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, die hoof- uitvoerende beampte van die Dube Handelshawe korporasie aanstel.

(2)(a) Die hoof- uitvoerende beampte word aangestel vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie op terme en diensvoorwaardes soos deur die Raad bepaal, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad; en

(b) Die hoof- uitvoerende beampte, mag, met die goedkeuring van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, heraangestel word vir sodanige tydperk as deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bepaal.

(3)(a) Die aanstelling van die hoof- uitvoerende beampte is onderhewig aan die sluiting van 'n skriftelike prestasie-ooreenkoms wat aangegaan word met die Dube Handelshawe korporasie; en

(b) Die Raad en die hoof- uitvoerende beampte mag, skriftelik en volgens ooreenkoms, die prestasie-ooreenkoms wysig.

(4) Vir doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, is die bepalings van artikel 7 met die nodige veranderings van toepassing op die hoof- uitvoerende beampte behalwe dat die hoof- uitvoerende beampte sy of haar belange aan die Raad moet verklaar.

(5) Die hoof- uitvoerende beampte is 'n *ex officio*-lid van die Raad maar het nie die reg om by sy vergaderings te stem nie.

Funksies van die hoof- uitvoerende beampte

17.(1) Die hoof- uitvoerende beampte is verantwoordelik vir –

(a) die administratiewe en finansiële bestuur van die Dube Handelshawe korporasie in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, onderhewig aan die opdrag van die Raad;

(b) die aanstelling van personeellede van die Dube Handelshawe korporasie bedoel in artikel 19(1) in oorleg met die Raad;

(c) die bepaling van 'n gedragskode, in oorleg met die Raad, van toepassing op die hoof- uitvoerende beampte, alle personeel van die Dube Handelshawe korporasie en beregbaar vir doeleindes van dissiplinêre stappe, om –

(i) nakoming van toepaslike reg, insluitend hierdie Wet;

(ii) die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese gebruik van die Dube Handelshawe korporasie se fondse en hulpbronne;

(iii) die bevordering en handhawing van 'n hoë standaard van professionele etiek;

(iv) die voorkoming van botsende belange;

(v) die beskerming van vertroulike inligting gehou deur die Raad; en

(vi) professionele, eerlike, onpartydige, regverdige, etiese en billike diens,

te verseker;

(d) die handhawing van dissipline oor die personeel aangestel ingevolge paragraaf (b) en moet, vir daardie doeleindes, aan die Raad verantwoordbaar wees;

(e) die byhou en instandhouding van die register van belange verklaar deur 'n personeellid van die Dube Handelshawe korporasie; en

(f) versekering van nakoming deur die Dube Handelshawe korporasie van die bepalinge van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en enige ander toepaslike wetgewing.

(2) Die hoof- uitvoerende beampte is aan die Raad verantwoordbaar en moet aan die Raad rapporteer oor die aktiwiteite van die Dube Handelshawe korporasie.

(3) Indien die hoof- uitvoerende beampte om enige rede nie in staat is om enige van sy of haar funksies uit te voer nie, moet die Raad, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, 'n ander persoon aanstel as waarnemende hoof- uitvoerende beampte tot die hoof- uitvoerende beampte in staat is om daardie funksies te hervat.

Bedanking en ontslag uit amp van die hoof- uitvoerende beampte

18.(1) Die hoof- uitvoerende beampte ontruim sy of haar amp –

(a) in die geval van bedanking, wanneer die bedanking van krag word;

(b) wanneer, ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), die persoon wat daardie amp beklee, onbevoeg raak om as direkteur van 'n maatskappy te dien; en

(c) by ontslag uit amp ingevolge subartikel (2).

(2) Die Raad kan, in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad, die hoof- uitvoerende beampte se diens beëindig in ooreenstemming met toepaslike indiensnemings- en arbeidsreg.

Personeel van die Dube Handelshawe korporasie

19.(1) Die hoof- uitvoerende beampte moet, onderhewig aan subartikel (2), personeellede van die Dube Handelshawe korporasie in diens neem soos wat redelikerwys nodig blyk te wees –

- (a) om hom of haar by te staan in die verrigting van sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet; en
- (b) om die Raad by te staan met die werk eie aan die verrigting van sy funksies deur die Raad.

(2) Die Raad moet 'n menslike hulpbronbeleid vir personeellede van die Dube Handelshawe korporasie bepaal, insluitend die hoof- uitvoerende beampte.

(3) Vir doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, en onderhewig aan artikel 17(1)(e), is die bepalings van artikels 7(3), 7(4) en 7(5), met die nodige veranderings, van toepassing op personeellede van die Dube Handelshawe korporasie.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte moet 'n opgedateerde register byhou van die belange van personeellede van die Dube Handelshawe korporasie wat ingevolge subartikel (3) verklaar is.

(5) Die Raad, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, moet–

- (a) die vergoeding en diensvoorwaardes; en
- (b) die pensioen- en aftreevoordele,

van die hoof- uitvoerende beampte en die ander personeellede van die Dube Handelshawe korporasie bepaal.

Sekondering of verplasing van personeel na die Dube Handelshawe korporasie

20. Die Dube Handelshawe korporasie kan die dienste benut van persone wat vanaf die staatsdiens gesekondeer of oorgeplaas word in ooreenstemming met die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).

HOOFSTUK 5

SLEUTELPLAN, BELEIDSVOORSKRIFTE EN STRATEGIESE RIGLYNE

Sleutelplan

21.(1) Die Raad moet, binne 6 maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet, na oorlegpleging met die hoof- uitvoerende beamppte, 'n sleutelplan instel.

(2) Die sleutelplan bedoel in subartikel (1), moet onder andere insluit die vragterminaal, eiendomsone, handelsone, landbousone, openbare vervoer nodusse, padnetwerke, spoor, vrag- en passasiersvervoernetwerke binne die Dube Handelshawe streek.

(3) Die sleutelplan moet opgedateer word wanneer die behoefte ontstaan om aan die doelwitte van die Dube Handelshawe korporasie te voldoen.

(4) Die sleutelplan moet deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad goedgekeur word.

(5) Die sleutelplan moet, vir die jaar 2010, 2035 en 2060 –

- (a) 'n oorsig van die ontwikkelingstruktuur van die Dube Handelshawe;
- (b) ontwikkelingsdoelwitte en sleutelbeplanning vir die Dube Handelshawe; en
- (c) vir die ontwikkeling, sonering, vervoer en grootmaat-infrastrukturele behoeftes van die Dube Handelshawe korporasie,

bepaal.

(6) Wanneer die Raad sy funksies ingevolge hierdie Wet uitvoer, moet die Raad uitvoering gee aan die sleutelplan.

Beleidsvoorskrifte en strategiese riglyne

22. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan –

- (a) Strategiese riglyne stel vir die nastrewing van die Dube Handelshawe korporasie se oogmerke;
- (b) beleidsvoorskrifte aan die Raad uitreik; en
- (c) enige beleidsopdragte uitgereik ingevolge paragraaf (a) onttrek of wysig.

HOOFSTUK 6

BEFONDSING EN FINANSIËLE BESTUUR VAN DIE DUBE HANDELSHAWE KORPORASIE

Fondse van die Dube Handelshawe korporasie

23.(1) Die fondse van die Dube Handelshawe korporasie bestaan uit –

- (a) geld bewillig deur die Provinsiale Wetgewer;
- (b) rente op beleggings van die Dube Handelshawe korporasie; en
- (c) inkomste wat wettig van enige ander bron afkomstig is.

(2) Die Dube Handelshawe korporasie moet sy fondse benut –

- (a) vir die betaling van vergoeding, toelaes en reis- en verblyfkoste van –
 - (i) die lede van die Raad;
 - (ii) die hoof- uitvoerende beampte; en
 - (iii) die personeellede van die Dube Handelshawe korporasie; en
- (b) om kostes te dek met betrekking tot –
 - (i) die dag-tot-dag bedryf en administrasie van die Dube Handelshawe korporasie en die Raad;
 - (ii) die bedryf en bestuur van die Dube Handelshawe korporasie; en
 - (iii) die verrigting van die pligte en funksies van die Dube Handelshawe korporasie en die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Wet.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte moet, met die instemming van die Raad –

- (a) 'n rekening in die naam van Dube Handelshawe korporasie oopmaak by 'n instelling geregistreer as 'n bank ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990); en
- (b) alle geld wat ingevolge subartikel (1) ontvang is, daarin deponeer.

(4) Die Raad kan gelde belê wat in sy rekening gedeponeer is en wat nie vir onmiddellike gebruik vereis word nie: Met dien verstande dat die Raad redelike stappe moet doen om te verseker dat die belegging nie spekulatief van aard is nie.

(6) Die Dube Handelshawe korporasie, asook die Raad, mag nie geld leen of waarborge, kwytskeldings of sekuriteite uitreik of enige ander transaksies wat die

Agentskap bind, aangaan nie, tensy sodanige lening, waarborg, kwytskelding, sekuriteit of ander transaksie ingevolge hierdie Wet gemagtig word en nie teenstrydig is met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur nie.

Finansiële bestuur

24.(1) Die hoof- uitvoerende beampte moet volledige en behoorlike rekeningboeke en al die nodige rekords wat daarop betrekking het, byhou.

(2) Die hoof- uitvoerende beampte moet verseker dat die Dube Handelshawe korporasie se jaarlikse begrotings, korporatiewe planne, jaarverslae en geouditeerde finansiële state voorberei en voorgelê word in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte moet binne drie maande voor die einde van elke finansiële jaar –

(a) 'n besigheidsplan vir die Raad, wat meetbare doelwitte bevat en die ander inligting bedoel in artikel 25(3)(b) en (c); en

(b) 'n staat van die beraamde inkomste en uitgawes van die Raad, aan die Raad voorlê vir goedkeuring met betrekking tot die volgende drie finansiële jaar.

(4) In enige finansiële jaar kan die hoof- uitvoerende beampte aangepaste of bykomende state van die beraamde inkomste en uitgawes van die Dube Handelshawe korporasie vir daardie finansiële jaar aan die Raad voorlê vir goedkeuring.

(5) Die Dube Handelshawe korporasie mag geen finansiële verbintenis aangaan buiten sy goedgekeurde begroting en opgegaarde reserwes nie.

(6) Die hoof- uitvoerende beampte kan met die goedkeuring van die Raad –

(a) enige onbestede gedeelte van sy fondse by die Korporasie vir Openbare Deposito's of enige ander instelling belê soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Tesourie gekategoriseer of ge lys as 'n Kategorie "A1"-finansiële instelling; of

(b) op enige ander manier van daardie gedeelte afstand doen.

(7) Die hoof- uitvoerende beampte kan, met die goedkeuring van die Raad, reserwefondse stig en bedrae soos deur die Raad goedgekeur, daarin deponeer.

Oudit en jaarverslag

25.(1) Die Ouditeur-generaal moet die finansiële state van die Dube Handelshawe korporasie audit.

(2)(a) Die Raad moet 'n verslag oor die aktiwiteite van die Dube Handelshawe korporasie gedurende 'n finansiële jaar in die Provinsiale Wetgewer ter tafel lê binne vyf maande na die einde van daardie finansiële jaar; en

(b) Binne vyf maande nadat die verslag ter tafel gelê is, moet 'n delegasie bestaande uit die voorsitter van die Raad en ten minste twee ander lede van die Raad die betrokke Portefeuljekomitee oor die jaarverslag inlig.

(3) Die verslag moet –

(a) 'n balansstaat en 'n inkomste-en-uitgawestaat gesertifiseer deur die Ouditeur-generaal insluit;

(b) die omvang verklaar waartoe die Dube Handelshawe korporasie sy oogmerke vermeld in artikel 3 bereik of bevorder het en die meetbare doelwitte soos uiteengesit in sy besigheidsplan soos bedoel in artikel 24(3)(a) gedurende die betrokke finansiële jaar; en

(c) tersaaklike prestasie-inligting bevat aangaande die ekonomiese, doelmatige en doeltreffende toepassing van hulpbronne en in besonder 'n vergelyking tussen beplande en werklike prestasie-aanduiders soos in daardie besigheidsplan uiteengesit.

Finansiële jaar van die Dube Handelshawe korporasie

26. Die finansiële jaar van die Dube Handelshawe korporasie begin op 1 April van 'n spesifieke jaar en eindig op 31 Maart van die volgende jaar.

Vaste eiendom

27. Die Dube Handelshawe korporasie kan, ingevolge 'n beleid en prosedures soos deur die Raad bepaal en met die goedkeuring van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, vaste eiendom verkry, hou of oor beskik in sy besigheidsverloop.

Regstappe teen die Dube Handelshawe korporasie

28.(1) Enige regstappe teen die Dube Handelshawe korporasie moet ingestel word in ooreenstemming met die Wet op die Instel van Geregte Verrigtinge teen Sekere Staatsorgane, 2002 (Wet No. 40 van 2002).

(2) Die Dube Handelshawe korporasie word, vir doeleindes van subartikel (1), beskou as staatsorgaan bedoel in paragraaf (c) van die omskrywing daarvan in artikel 1 van die vermelde Wet.

HOOFSTUK 7**ALGEMENE BEPALINGS****Sekuriteit van vertroulike inligting gehou deur die Dube Handelshawe korporasie**

29.(1) Onderhewig aan die Grondwet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), mag geen persoon enige inligting wat aan die Dube Handelshawe korporasie voorgelê word met betrekking tot enige regsopdrag of -instruksie openbaar maak nie, tensy –

(a) hy of sy deur 'n geregshof daartoe gelas word; of

(b) die persoon wat sodanige opdrag of instruksie gegee het, skriftelik daartoe instem.

(2) Geen persoon mag enige inligting wat in die register bedoel in artikels 7(6), 16(4) en 19(4) gehou word, openbaar maak nie tensy sodanige openbaarmaking –

- (a) ingevolge enige wet is wat sodanige openbaarmaking verplig of magtig;
- (b) wesenlik nodig is vir die behoorlike funksionering van die Dube Handelshawe korporasie; of
- (c) gemaak is vir doeleindes van monitering, evaluering, ondersoek of oorweging van enige aktiwiteit wat op die Dube Handelshawe korporasie, of enige personeellid van die Dube Handelshawe korporasie, betrekking het.

(3) Enige persoon wat subartikel (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Ontbinding van die Dube Handelshawe korporasie

30. Die Dube Handelshawe korporasie mag slegs ontbind word ingevolge 'n wet van die Provinsiale Wetgewer.

Gebruik van naam van die Dube Handelshawe of Dube Handelshawe korporasie

31.(1) Geen persoon mag, sonder vooraf skriftelike magtiging van die Dube Handelshawe korporasie, op enige wyse die Dube Handelshawe korporasie verteenwoordig of gebruik maak van die naam, akroniem, logo, ontwerpe of materiaal gebruik of besit deur die Dube Handelshawe korporasie nie.

(2) Geen persoon mag valslik beweer dat hy of sy namens die Dube Handelshawe korporasie optree nie.

(3) Enige persoon wat subartikel (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Delegering

32.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad mag aan die Raad –

- (a) enige bevoegdheid delegeer wat aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad deur hierdie Wet verleen is, buiten die bevoegdheid om regulasies vermeld in artikel 33 uit te vaardig; of

(b) enige plig deleger wat aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad deur hierdie Wet opgelê is, buiten enige plig aangaande die aanstelling en beëindiging van die amp van die lede van die Raad bedoel in artikels 5(1)(a) en 9(2).

(2) Die Raad kan, deur 'n spesiale beslissing, enige bevoegdheid of plig wat deur hierdie Wet aan die Dube Handelshawe korporasie verleen of opgelê is, aan die hoof-uitvoerende beampte of personeellid van die Dube Handelshawe korporasie deleger.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte kan aan enige personeellid van die Dube Handelshawe korporasie enige bevoegdheid of plig wat deur hierdie Wet aan die hoof-uitvoerende beampte verleen of opgelê is, deleger behalwe enige plig as rekenplegtige beampte van die Dube Handelshawe korporasie.

(4) Enige bevoegdheid of plig gedeleger ingevolge subartikel (1), (2) of (3) moet uitgeoefen of verrig word onderhewig aan sodanige voorwaardes soos wat die persoon of liggaam wat die delegering gedoen het, nodig ag.

(5) Enige delegasie vermeld in subartikel (1), (2) of (3) –

(a) moet skriftelik wees;

(b) verbied nie die persoon of liggaam wat die delegering gedoen het om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie; en

(c) mag ter enige tyd skriftelik deur daardie persoon of liggaam onttrek of gewysig word.

Regulasies

33. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, in oorleg met die Raad en deur middel van kennis in die *Koerant*, regulasies uitvaardig met betrekking tot –

(a) enige aangeleentheid wat voorgeskryf mag word ingevolge hierdie Wet; of

(b) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om uitvoering te gee aan die bepalinge van hierdie Wet.

Likwidasie van die Dube Handelshawe maatskappy en oorgangsbepalings

34.(1)(a) Die Maatskappy, Dube Handelshawe, met maatskappyregistrasienuommer 2002/002801/08, ingestel ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), moet vrywillig gelikwideer en geskrap word; en

(b) Die lede van die maatskappy moet, by likwidasie van die maatskappy vermeld in paragraaf (a), met behoorlike spoed en ywer optree en moet, onder andere voldoen aan artikel 349 en 350 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

(2) Op die datum van likwidasie van die Dube Handelshawe maatskappy word alle bates, laste, regte, pligte en verpligtinge, insluitend enige onbestede gedeelte van enige opgelope fondse of fondse ontvang deur die Dube Handelshawe maatskappy, oorgeplaas na, en berus by, Dube Handelshawe korporasie, ingestel ingevolge artikel 2.

(3) Dube Handelshawe korporasie is, met betrekking tot die bates, laste, regte, pligte en verpligtinge en fondse vermeld in subartikel (2), vir alle doeleindes regtens die opvolger van, en die regsopvolger tot, die Dube Handelshawe maatskappy.

(4) Die lede van die Raad van die Dube Handelshawe maatskappy moet as behoorlik gemagtigde en bemaagtigde lede van die Raad optree tot sodanige tyd as wanneer die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, ingevolge artikel 5(1)(a), die Raad ingevolge hierdie Wet aangestel het.

(5) 'n Werksaanbod moet binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad aan alle personeellede van die Dube Handelshawe maatskappy gemaak word vir oorplasing na die Dube Handelshawe korporasie op 'n datum soos bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad.

(6) Die vergoeding, voordele en voorregte wat deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad in ooreenstemming met subartikel (5) gebied word, mag nie wesenlik verskillend of minder wees nie as dit betaalbaar aan die personeellid deur die Dube Handelshawe maatskappy, onmiddellik voor sy of haar oorplasing.

(7) Vir die doeleindes van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), word geag dat geen verandering van werkgewer plaasgevind het nie met betrekking tot 'n personeellid wat 'n werksaanbod bedoel in subartikel (5) aanvaar.

(8) Wanneer 'n persoon ingevolge subartikel (5) 'n personeellid van die Dube Handelshawe korporasie word –

(a) behou hy of sy alle opgelope vakansieverlof tot sy of haar krediet tot die datum onmiddellik voor die datum van oorplasing, aangepas in ooreenstemming met die diensvoorwaardes van die Dube Handelshawe korporasie; en

(b) moet enige navraag wat ingestel of beoog word ten opsigte van beweerde wangedrag gepleeg deur sodanige persoon voor die datum van oorplasing, beskik word oor of ingestel word deur die Dube Handelshawe korporasie en die Raad moet toepaslike stappe doen teen die betrokke persoon in ooreenstemming met die wette, beleid en diensvoorwaardes wat op hom of haar van toepassing is onmiddellik voor die datum van oorplasing.

Algemene oortredings

35.(1) 'n Lid van die Raad, 'n personeellid, adviseur, agent of enige ander persoon in diens van of waarnemend namens die Dube Handelshawe korporasie is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy direk of indirek enige omkoopgeld aanvaar en of enige ongemagtigde fooi of beloning ontvang vanaf enige persoon in verband met enigiets gedoen of gebied deur die Dube Handelshawe korporasie.

(2) Enige persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy, met betrekking tot of in verband met enigiets wat deur die Dube Handelshawe korporasie gedoen of gebied word, 'n lid van die Raad, 'n personeellid, adviseur, agent of enige ander persoon in diens van of waarnemend namens die Dube Handelshawe korporasie, oorreed of probeer beïnvloed om 'n kriminele oortreding te begin.

(3) Enige persoon wat valslik beweer dat hy of sy gemagtig is om fooie, donasies of bydraes te hef of in te vorder, namens of in opdrag van die Dube Handelshawe korporasie is skuldig aan 'n misdryf.

Strawwe

36. Enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is aanspreeklik vir 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie 5 jaar oorskry nie of beide.

Kort titel

37. Hierdie Wet word die KwaZulu-Natal Wet op Dube Handelshawe Korporasie, 2010 genoem.

No. 4

21 kuMfumfu 2010

[Umbhalo wesiNgisi unyathelwe nguNdunankulu]

UMTHETHO WAKWAZULU-NATALI
WE-DUBE TRADEPORT CORPORATION, 2010
(Umthetho Na. 02 ka 2010)

Uvunywe ngomhlaka 18-08-2010

UMTHETHO

Wokuhlinzekela ukusungulwa kwe-Dube TradePort Corporation; wokunquma ngezinjongo, ngamandla, ngezibopho nangemisebenzi ye-Dube TradePort Corporation; wokunquma indlela okuzophathwa ngayo, okuzobuswa, okuzoqashwa ngayo abasebenzi nokuzokwesekwa ngayo ngezimali i-Dube TradePort Corporation; wokuhlinzekela ukuhlakazwa kwe-Dube TradePort Corporation; wokuhlinzekela ukuthi i-Dube TradePort Corporation kube iyona engena ezicathulweni ze-Dube TradePort Company ngokusemthethweni; nokuhlinzekela okunye okuphathelene nalokho.

MAKUMISWE UMTHETHO yisiShayamthetho sesiFundazwe saKwaZulu-Natali, kanje:-

UKUHLELEKA KWEZIGABA

Isigaba

ISAHLUKO 1

IZINCAZELO

1. Izincazelo

ISAHLUKO 2

I-DUBE TRADEPORT CORPORATION

2. Ukusungulwa kwe-Dube TradePort Corporation
3. Izinhloso ze-Dube TradePort Corporation
4. Amandla, izibopho nemisebenzi ye-Dube TradePort Corporation

ISAHLUKO 3

IBHODI YE-DUBE TRADEPORT CORPORATION

5. Ukwakheka kweBhodi
6. Ukuhoxiswa ekuqokelweni eBhodini
7. Ukudalula ukuhlomula ngokwezezimali nokunye ukuhlomula kwamalungu eBhodi
8. Isikhathi sokuba sesikhundleni nokuqokwa kabusha kwelungu leBhodi
9. Izikhala zomsebenzi, ukususwa nokwesula esikhundleni kwamalungu eBhodi
10. Ukumiswa okwesikhashana kwelungu leBhodi
11. Imihlangano kanye nezinqubo zemihlangano yeBhodi
12. Ukuhoxa kwelungu emihlanganweni kanye nenqubo yeBhodi
13. Ukuholelwa kwamalungu eBhodi
14. Ukusungulwa kwamakomidi asiza iBhodi
15. Ukwengezwa kwabantu eBhodini noma emakomidini eBhodi

ISAHLUKO 4

ISIKHULU ESIPHEZULU KANYE NABASEBENZI BE-DUBE TRADEPORT CORPORATION

16. Isikhulu esiPhezulu se-Dube TradePort Corporation
17. Imisebenzi yesiKhulu esiPhezulu
18. Ukwesula kanye nokususwa esikhundleni kwesiKhulu esiPhezulu

19. Abasebenzi be-Dube TradePort Corporation
20. Ukusiswa noma ukudluliselwa kwabasebenzi kwi-Dube TradePort

ISAPHLUKO 5

ISU LOKUSEBENZA, IMIKHOMBANDLELA YENQUBOMGOMO KANYE NEMIGUDU EFANELE

21. Isu lokuSebenza
- (d) geleenthede aan persone, veral uit voorheen benadeelde gemeenskappe, te verskaf en om hulle aan te moedig om by die rolprentbedryf in die provinsie in te skakel en daaraan deel te neem;
- (e) historiese ongelykhede in die infrastruktuur en in die verspreiding van vaardighede en hulpbronne in die rolprentbedryf in die provinsie aan te spreek; en
- (f) by te dra tot 'n magtigingsomgewing vir werkskepping in die rolprentbedryf in die provinsie.

Bevoegdhede, pligte en funksies van die Kommissie

4.(1) Die Kommissie moet –

- (a) fondse wat deur die Provinsiale Wetgewer bewillig is, administreer;
- (b) befondsing uit ander bronne as bewilligings van die Provinsiale Wetgewer inisieer en administreer;
- (c) internasionale rolprentproduksies na die provinsie lok;
- (d) die instelling, ontwikkeling en groei van infrastruktuur en fasiliteite vir die rolprentbedryf in die provinsie moontlik maak;
- (e) buitelandse en plaaslike belegging en befondsing lok vir die instelling, ontwikkeling en groei van infrastruktuur en fasiliteite vir die vervaardiging van rolprentprodukte in die provinsie;

- (f) menslike hulpbron- en menslike intellektuele ontwikkeling in die rolprentbedryf in die provinsie koördineer en moontlik maak;
- (g) raad, bystand en toegang tot provinsiale befondsing vir rolprentprodusente in die provinsie verskaf;
- (h) rolprentproduksies wat die kulturele diversiteit van die provinsie weerspieël, bevorder;
- (i) navorsing doen en ontwikkeling op alle terreine van rolprentproduksie in die provinsie bewerkstellig;
- (j) die provinsie bevorder as 'n ligging vir rolprentproduksies, plaaslik, nasionaal en internasionaal;
- (k) produksieleiers lok en hul inisiatiewe moontlik maak om rolprentproduksies in die provinsie uit te voer;
- (l) produksieleiers aanmoedig om provinsiale personeel en fasiliteite vir rolprentproduksies aan te wend;
- (m) verhoudings met plaaslike en internasionale persone, organisasies en rolprentkommissies vestig, om die oordrag van kennis en vaardighede aan die rolprentbedryf in die provinsie aan te moedig en moontlik te maak;
- (n) 'n databasis saamstel van, en inligting verskaf met betrekking tot –
 - (i) provinsiale produksieleiers, oudio-visuele tegnisi, akteurs, uitvoerende kunstenaars en musikante; en
 - (ii) akkommodasie, spyseniering, vervoer en ander verwante fasiliteite in die provinsie;
- (o) rolprentmakers adviseer oor enige aspek van rolprentproduksie insluitend, maar nie beperk nie tot, munisipale verordeninge, verkeersordonnansies, omgewingswetgewing en indiensnemingswetgewing en -praktyke; en
- (p) die provinsiale regering adviseer aangaande beleid en wetgewing, insluitend regulasies wat vereis word of toepaslik is vir die bevordering van die rolprentbedryf in die provinsie.

(2) Ten einde eenvormigheid en samewerking by alle staatsorgane in die provinsiale en plaaslike regeringsfeer te bevorder aangaande aangeleenthede met betrekking tot die rolprentbedryf, moet die Kommissie –

- (a) ten minste een maal per jaar, vergaderings tussen staatsorgane in die provinsiale en plaaslike sfere byeenroep wat 'n belang het in enige aangeleentheid met betrekking tot die rolprentbedryf;
 - (b) optree as 'n skakel tussen staatsorgane in beide provinsiale en plaaslike sfere en belanghebbendes in die rolprentbedryf in die provinsie; en
 - (c) met enige organisasie of struktuur of liggaam wat 'n belang in enige aangeleentheid met betrekking tot die rolprentbedryf het, skakel en in wisselwerking tree.
- (3) Ten einde sy verpligtinge uit te voer, kan die Kommissie –
- (a) 'n ooreenkoms met enige persoon met spesialis kennis op 'n spesifieke terrein aangaan, om sodoende die Kommissie by te staan of te adviseer aangaande enige aangeleentheid met betrekking tot sy oogmerke en funksies; en
 - (b) oor die algemeen alles doen wat nodig is om sy doelwitte te bereik.
- (4) Ten einde by te dra tot die ontwikkeling van menslike kapasiteit in die rolprentbedryf in die provinsie, kan die Kommissie beurse en studiebeurse gee aan studente wat in rolprentproduksie studeer of van voorneme is om daarin te studeer.

HOOFSTUK 3

RAAD VAN DIE KOMMISSIE

Samestelling van die Raad

5.(1) Die Raad bestaan uit –

- (a) ten minste vyf, maar nie meer as 20, lede aangestel deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad; en
- (b) die Hoof- Uitvoerende Beampte, *ex officio*, soos bedoel in artikel 16(5).

(2) Lede van die Raad moet bekwame en geskikte persone wees en gesamentlik beskik oor –

- (a) toepaslike kennis, ondervinding en vaardighede in die rolprentbedryf, en
- (b) die volgende vaardighede en kundigheid –
 - (i) regsvaardighede, -ondervinding en -kwalifikasies;
 - (ii) finansiële vaardighede, ondervinding en kwalifikasies;
 - (iii) vaardighede in die gedrukte of elektroniese media;
 - (iv) vaardighede en ondervinding in gemeenskapsontwikkeling; en
 - (v) ondervinding in die vermaakbedryf.

(3) By aanstelling van lede op die Raad, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verseker dat –

- (a) historiese ongelykhede aangespreek word; en
- (b) daar 'n balans van belange gehandhaaf word tussen persone wat –
 - (i) die Departement;
 - (ii) die Departement van Kuns en Kultuur;
 - (iii) die KwaZulu-Natal Toerisme-owerheid;
 - (iv) belanghebbendes in die rolprentbedryf;
 - (v) Handel en Belegging, KwaZulu-Natal;
 - (vi) georganiseerde plaaslike regering;
 - (vii) tersiêre instellings;
 - (viii) plaaslike rolprentkantore; en
 - (ix) die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie,

verteenwoordig.

(4) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet –

- (a) een van die lede van die Raad as die voorsitter van die Raad; en
- (b) een van die lede van die Raad as die adjunkvoorsitter van die Raad,

aanwys.

(5) Die lid van die Raad vermeld in subartikel 3(b)(i) –

- (a) moet skakeling tussen die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad en die Raad moontlik maak;

- (b) moet van tyd tot tyd aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verslag doen met betrekking tot aangeleenthede wat tersaaklik geag word; en
- (c) kan vergaderings van die Raad bywoon en deelneem aan besprekings, maar het nie die reg om te stem wanneer 'n besluit van die Raad geneem word nie.

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, deur middel van kennisgewing in die *Koerant* enige belanghebbende partye binne die provinsie uitnoodig om kandidate vir aanstelling op die Raad te benoem.

(7) Die uitnodiging vir benoemings moet –

- (a) die benoemingsprosedure;
 - (b) die vereistes vir benoemings; en
 - (c) die sluitingsdatum vir die benoemings,
- spesifiseer.

(8) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet alle benoemings voorgelê in reaksie op die kennisgewing oorweeg, en kan 'n keuringspaneel aanstel bestaande uit senior departementele beamptes om al die benoemings te hersien en aanbevelings by die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad te maak aangaande die kandidate.

(9) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet die name van die persone aangestel op die Raad in die *Koerant* laat publiseer en in ten minste twee koerante met wye sirkulasie in die provinsie, onmiddellik nadat sodanige persone skriftelik in kennis gestel is van hul aanstelling op die Raad.

(10) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, binne twee maande na die aanstelling van lede van die Raad ingevolge subartikel (1), die Uitvoerende Raad en die Portefeuljekomitee inlig oor die name van die aangestelde lede asook die termyn van hul aanstelling.

(11) Hierdie artikel is, met die nodige veranderings, van toepassing op die vul van 'n vakature op die Raad.

Onbevoegdheid vir aanstelling op die Raad

6. 'n Persoon is onbevoeg om op die Raad aangestel te word of om op die Raad te bly, indien hy of sy –

- (a) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (b) deur 'n bevoegde hof as ontoerekeningsvatbaar verklaar is;
- (c) direk of indirek belang het by enige kontrak met die Kommissie en versuim om sy of haar belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse wat deur hierdie Wet vereis word;
- (d) onder kuratorskap is;
- (e) te eniger tyd uit sy of haar vertrouensamp ontslaan is op grond van wangedrag wat diefstal of bedrog insluit;
- (f) skuldig bevind en gevonnissen is tot 'n termyn van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, buiten dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad by die volle openbaarmaking van die misdryf in 'n plegtige verklaring deur sodanige benoemde 'n skuldigbevinding kan kondoneer op 'n wyse wat ooreenstem met artikel 106(1)(e) van die Grondwet: Met dien verstande dat onbevoegdheid ingevolge hierdie subartikel vyf jaar nadat die vonnis voltooi is, tot 'n einde kom; of
- (g) versuim om 'n belang te verklaar in ooreenstemming met artikel 7 of die verrigtinge van die Raad bygewoon of daaraan deelgeneem het terwyl hy of sy 'n belang het soos bedoel in die vermelde artikel.

Verklaring van finansiële of ander belange van lid van die Raad

7.(1) 'n Persoon wat benoem is om op die Raad te dien ingevolge subartikel 5(6) moet, binne 10 dae nadat hy of sy benoem is, 'n skriftelike verklaring voorlê aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad van alle direkte of indirekte belange in enige maatskappy en van enige ander sakebelange.

(2) Enige versuim deur 'n benoemde om finansiële en ander belange te verklaar ingevolge subartikel (1) maak sodanige benoemde ingevolge artikel 6 onbevoeg vir aanstelling op die Raad.

(3) Elke lid van die Raad moet, by aanvaarding van 'n amp en aan die begin van elke finansiële jaar van die Kommissie, 'n skriftelike verklaring voorlê van sy of haar direkte of indirekte belang in enige maatskappy of ander sakebelange op die wyse soos bepaal in artikel 234(3)(a) van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

(4) Waar 'n lid van die Raad, te eniger tyd gedurende sy of haar ampsbekleding as 'n lid van die Raad, 'n belang in enige maatskappy of ander sakebelange verkry, moet hy of sy, binne 10 dae vanaf die datum van die verkryging van sodanige belang, 'n skriftelike verklaring aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad van sodanige belang voorlê.

(5) Enige versuim deur die lid om sy of haar belange te verklaar soos bedoel in subartikel (3) en (4) sal die beëindiging van die aanstelling van sodanige lid tot gevolg hê ingevolge artikel 9(2).

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet 'n opgedateerde register byhou van die belange van lede van die Raad soos verklaar ingevolge hierdie artikel.

Ampstermyn en heraanstelling van lid van die Raad

8. Die persoon wat op die Raad aangestel word, behou die amp vir 'n tydperk van vyf jaar of sodanige korter tydperk soos die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad mag bepaal en is, onderhewig aan artikel 5, benoembaar vir heraanstelling by die verstryking van sodanige tydperk: Met dien verstande dat geen persoon her aangestel mag word nadat hy of sy vir 'n aaneenlopende tydperk van 10 jaar op die Raad gedien het nie.

Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van lid van die Raad

9.(1) 'n Lid van die Raad moet sy of haar amp ontruim indien hy of sy onbevoeg raak soos bedoel in artikel 6.

(2) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, nadat hy of sy aan 'n lid die geleentheid gebied het om sy of haar saak te stel, te eniger tyd die ampstermyn van sodanige lid beëindig indien daar, na sy of haar mening, goeie, afdoende en regverdigbare redes daarvoor is.

(3) 'n Lid moet sy of haar amp ontruim indien hy of sy afwesig is, sonder dat verlof tot afwesigheid deur die Raad vooraf toegestaan is, van twee opeenvolgende vergaderings van die Raad waarvoor redelike kennis persoonlik of per pos aan daardie lid gegee is.

(4) 'n Lid mag uit sy of haar amp bedank deur nie minder nie as 30 dae skriftelike kennis te gee aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad: Met dien verstande dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad afsien van die kennisgewingtydperk.

(5) Wanneer 'n vakature op die Raad ontstaan, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 5, 'n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstrykte gedeelte van die ampstydperk van die lid in wie se plek sodanige persoon aangestel is.

(6) In die geval dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad sy of haar bevoegdhede ingevolge subartikel (6) uitvoer, kan hy of sy, nieteenstaande die prosedure vir die aanstelling van lede van die Raad soos uiteengesit in artikel 5, onderhewig aan subartikel 5(2) en 5(3) persone aanstel om op tussentydse grondslag as lede van die Raad te dien: Met dien verstande dat –

- (a) die persone aangestel ingevolge hierdie subartikel nie op die Raad mag aanbly vir 'n tydperk van meer as 90 dae na die datum van hul aanstelling nie; en
- (b) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 5, die permanente lede van die Raad binne 90 dae na die aanstelling bedoel in hierdie subartikel moet aanstel.

Tydlike skorsing van lid van die Raad

10. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad mag 'n lid van die Raad skors terwyl die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bewerings ondersoek wat,

indien daar gevind word dat dit korrek is, kan lei tot beëindiging van die lid se aanstelling ingevolge artikel 9(2).

Vergaderings en prosedures by vergaderings van die Raad

11.(1) Die eerste vergadering van die Raad moet gehou word op 'n datum, tyd en plek bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, waarna alle toekomstige vergaderings moet plaasvind soos deur die voorsitter bepaal.

(2) Die kworum vir 'n vergadering van die Raad is 'n meerderheid van die lede van die Raad.

(3) Die verrigtinge by 'n vergadering van die Raad moet, onderhewig aan die bepalings van hierdie artikel, bepaal word deur die voorsitter insluitend die reg om te besluit dat enige aangeleentheid onder bespreking onttrek mag word voordat daaroor gestem word.

(4) Die voorsitter moet voorsit op alle vergaderings van die Raad. Indien die voorsitter afwesig is, moet die adjunkvoorsitter voorsit en in die geval dat beide die voorsitter en die adjunkvoorsitter afwesig is van 'n vergadering van die Raad, kan die lede wat dan teenwoordig is, uit hul eie geledere 'n persoon kies om op te tree as voorsitter vir die duur van daardie spesifieke vergadering.

(5) 'n Besluit van die Raad moet geneem word deur 'n meerderheid van die stemme van die lede teenwoordig by 'n vergadering en, in die geval van 'n staking van stemme aangaande enige aangeleentheid, het die voorsitter 'n beslissende stem buiten sy of haar gewone stem.

(6) Die Raad moet notule hou van sy vergaderings.

(7) Geen besluit van die Raad is ongeldig bloot op gronde van 'n vakature in die Raad nie: Met dien verstande dat die besluit geneem word deur die vereiste meerderheid van die lede van die Raad dan teenwoordig en geregtig daarop om as lede van die Raad te sit.

(8) Die voorsitter, of 'n meerderheid van lede van die Raad, kan 'n buitengewone vergadering van die Raad byeenroep in welke geval die bepalings van hierdie artikel van toepassing is met die nodige veranderings.

(9) Die Raad mag, volgens sy diskresie, lede van die publiek toelaat om enige vergadering van die Raad by te woon.

Onttrekking van 'n lid van vergaderings en verrigtinge van die Raad

12.(1) 'n Lid van die Raad moet hom- of haarself onttrek van 'n aangeleentheid wat deur die Raad ondersoek of oorweeg of waaroor gestem word indien een of meer van die volgende plaasvind –

- (a) indien hy of sy 'n direkte of indirekte belang in die aangeleentheid het; of
- (b) indien daar 'n moontlikheid is dat 'n direkte of indirekte belang in die aangeleentheid mag opduik.

(2) Indien dit, te eniger tyd gedurende die loop van enige verrigtinge voor die Raad, blyk dat 'n lid wat by daardie vergadering teenwoordig is, 'n belang bedoel in subartikel (1) het of mag hê, moet sodanige lid onverwyld die aard van sy of haar belang verklaar en die vergadering verlaat.

(3) Enige verklaring gemaak ingevolge subartikel (1) moet in die notule van die betrokke vergadering opgeneem word.

(4) Indien dit blyk dat die Raad 'n besluit geneem het aangaande 'n aangeleentheid met betrekking waartoe 'n lid versuim het om 'n belang bedoel in subartikel (1) te verklaar, is sodanige besluit deur die Raad ongeldig.

(5) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit "indirekte belang" in, maar is nie beperk nie tot, 'n belang gehou deur enige lid se –

- (a) sakevennoot, medewerker of werkgewer, buiten die staat;
- (b) eggenoot, gade in 'n gewoontehuwelik, of persoon saam met wie sodanige lid woon of leef asof hul getroud is; of
- (c) kind, ouer, broer of suster.

Besoldiging van lede van die Raad

13.(1)(a) Onderhewig aan subartikel 2(a), kan 'n lid van die Raad betaal word uit die fondse van die Kommissie sodanige besoldiging en toelaes soos bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad in oorleg met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies; en

(b) 'n Lid van die Raad wat besoldiging, toelaes of ander voordele ontvang uit hoofde van sy of haar pos of aanstelling in –

(i) die nasionale regering;

(ii) 'n provinsiale regering;

(iii) 'n munisipaliteit; of

(iv) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende belang het, en

wat voortgaan om sodanige besoldiging, toelaes of ander voordele te ontvang terwyl hy of sy as 'n lid van die Raad dien, mag slegs besoldiging en toelaes vermeld in paragraaf

(a) ontvang tot die omvang vereis om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of sy sou wees as dit nie vir sodanige pos of aanstelling was nie.

(2)(a) 'n Lid van die Raad en 'n persoon wat tot die Raad gekoöpteer is mag, met betrekking tot sy of haar funksies as 'n lid of gekoöpteerde lid, terugbetaling ontvang uit die fondse van die Kommissie vir redelike werklike reis- en verblyfuitgawes wat genoodsaak is deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die Raad; en

(b) Die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies moet prosedures, insluitend beheermaatreëls, vir die bestuur bepaal, asook hantering en verwerking van eise vir reis- en verblyfuitgawes bedoel in paragraaf (a).

Instelling van komitees om die Raad by te staan

14.(1) Die Raad kan komitees instel wat uit een of meer van sy lede bestaan om –

(a) die Raad by te staan in die uitoefening van enige van die bevoegdhede, pligte of funksies van die Kommissie bedoel in artikel 4; of

(b) navraag of navorsing doen aangaande enige aangeleentheid wat binne die mandaat van die Raad ingevolge hierdie Wet val.

(2) Wanneer 'n komitee bedoel in subartikel (1) ingestel moet word, moet die Raad –

(a) die opdrag van sodanige komitee bepaal of insluitend, maar nie beperk nie tot, sodanige Komitee ophou voortbestaan wanneer hy die taak of take voltooi het wat deur die Raad daaraan toegewys is of nie;

(b) 'n voorsitter of sodanige komitee aanstel wat 'n lid van die Raad moet wees; en

(c) bepaal of sodanige komitee persone kan koöpteer wat nie lede van die Raad is nie en, indien wel, op watter terme en voorwaardes.

(3) Die Raad kan, te eniger tyd, die bestaan van 'n komitee of enige mandaat wat aan 'n komitee gegee word, beëindig, ongeag of sodanige komitee die taak of take wat deur die Raad daaraan toegewys is, voltooi het.

4(a) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan vergaderings van die Raad bywoon en daaraan deelneem, maar het nie die reg om te stem nie.

(b) 'n Personeellid van die Raad kan, op uitnodiging van die tersaaklike komitee, 'n vergadering van daardie komitee bywoon.

Koöptering van persone op die Raad of komitees van die Raad

15.(1) Die Raad kan, indien hy van mening is dat 'n spesifieke persoon in staat is om bystand te verleen ten opsigte van enige van die Raad se funksies en bevoegdhede, sodanige persoon vir daardie doel koöpteer.

(2) 'n Persoon wat gekoöpteer is ingevolge subartikel (1) is nie daarop geregtig om by enige vergadering van die Raad of 'n komitee te stem nie.

(3) 'n Persoon wat gekoöpteer is ingevolge subartikel (1) kan sodanige besoldiging en toelaes uit die fondse van die Kommissie ontvang soos deur die Raad bepaal ooreenkomstig artikel 13(2)(a) in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies.

HOOFSTUK 4

HOOF- UITVOERENDE BEAMPTTE EN PERSONEEL VAN DIE KOMMISSIE

Hoof- Uitvoerende Beampte van die Kommissie

16.(1) Die Raad moet, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, 'n toepaslik gekwalifiseerde, vaardige en ervare persoon aanstel as Hoof- Uitvoerende Beampte van die Kommissie; en

(2)(a) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is aangestel vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie.

(b) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan heraangestel word vir een verdere tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie.

(3)(a) Die aanstelling van die Hoof- Uitvoerende Beampte is onderhewig aan die sluiting van 'n skriftelike prestasie-ooreenkoms aangegaan tussen daardie persoon en die Raad; en

(b) Die Raad en die Hoof- Uitvoerende Beampte kan, skriftelik en by ooreenkoms, die prestasie-ooreenkoms wysig.

(4) Vir doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, is die bepaling van artikel 7 met die nodige veranderings van toepassing op die Hoof- Uitvoerende Beampte buiten dat die Hoof- Uitvoerende Beampte sy of haar belange aan die Raad moet verklaar.

(5) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is 'n *ex officio*-lid van die Raad maar het nie die reg om te stem by vergaderings van die Raad nie.

Funksies van die Hoof- Uitvoerende Beampte

17.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir –

- (a) die administratiewe en finansiële bestuur van die Raad in ooreenstemming met die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en die opdrag van die Raad;
- (b) in oorleg met die Raad, die aanstelling van personeellede van die Kommissie bedoel in artikel 19(1) in oorleg met die Raad;
- (c) in oorleg met die Raad, die bepaling van 'n gedragskode in oorleg met die Raad, van toepassing op die Hoof- Uitvoerende Beampte, alle personeel van die Kommissie en beregbaar vir doeleindes van dissiplinêre verrigtinge, om –
 - (i) voldoening aan toepaslike reg, insluitend hierdie Wet;
 - (ii) die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van die Kommissie se fondse en hulpbronne;
 - (iii) die bevordering en handhawing van 'n hoë standaard van professionele etiek;
 - (iv) die voorkoming van konflik van belang;
 - (v) die beskerming van vertroulike inligting gehou deur die Kommissie; en
 - (vi) professionele, eerlike, onpartydige, regverdige, etiese en billike diens, te verseker;
- (d) die handhawing van dissipline oor die personeel aangestel ingevolge paragraaf (b) en moet, vir daardie doeleindes, teenoor die Raad aanspreeklik wees;
- (e) die hou en byhou van die register van belange wat deur personeellede van die Kommissie verklaar is; en
- (f) versekering van nakoming deur die Raad van die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en enige ander toepaslike wetgewing.

(2) Indien die Hoof- Uitvoerende Beampte om enige rede nie in staat is om enige van sy of haar funksies uit te voer nie, moet die Raad, skriftelik, en in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, 'n ander persoon aanstel as Waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte totdat die Hoof- Uitvoerende Beampte in staat is om daardie funksies te hervat.

Bedanking en ontslag uit amp van die Hoof- Uitvoerende Beampte

18.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte ontruim sy of haar amp –

- (a) in die geval van bedanking, wanneer die bedanking van krag word;
- (b) wanneer, ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), die persoon wat daardie amp beklee, onbevoeg raak om te dien as direkteur van 'n maatskappy; en
- (c) by ontslag uit sy of haar amp ingevolge subartikel (2).

(2) Die Raad kan, in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad, die Hoof- Uitvoerende Beampte se diens beëindig in ooreenstemming met toepaslike diens- en arbeidswetgewing.

Personeel van die Kommissie

19.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, onderhewig aan subartikel (2), personeellede van die Kommissie aanwend soos redelikerwys nodig mag wees om –

- (a) hom of haar by te staan in die verrigting van sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet; en
- (b) die Raad by te staan met die werk verbonde aan die Raad se verrigting van sy funksies.

(2) Die Raad moet, onderhewig aan artikel 23(4), 'n menslike hulpbronne-beleid vir personeellede van die Kommissie, insluitend die Hoof- Uitvoerende Beampte, bepaal.

(3) Vir doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, en onderhewig aan artikel 17(1)(e), is die bepalings van artikel 7(3), (4) en (5) met die nodige veranderings van toepassing op personeellede van die Kommissie.

(4) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet 'n opgedateerde register byhou van die belange van personeellede van die Kommissie soos verklaar ingevolge hierdie subartikel (3).

Sekondering of oorplasing van personeel na die Kommissie

20. Die Kommissie kan die dienste aanwend van persone wat vanaf die staatsdiens gesekondeer of oorgeplaas is in ooreenstemming met die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).

HOOFSTUK 5

BEPALING VAN PROVINSIALE GEDRAGSKODE VIR ROLPRENTPRODUSENTE

Provinsiale gedragskode vir rolprentprodusente

21.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet na oorleg met die Raad 'n provinsiale gedragskode vir rolprentprodusente bepaal.

(2) Die provinsiale gedragskode vir rolprentprodusente tree in werking by die publikasie van die kennisgewing in die *Koerant*.

(3) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, deur middel van kennisgewing in die *Koerant* en na oorleg met die Raad, die provinsiale gedragskode vir rolprentprodusente –

- (a) wysig;
- (b) vervang; of
- (c) onttrek.

Beleidsvoorskrifte

22.(a) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan –

- (a) Strategiese riglyne vir die strewe na die Kommissie se doelwitte stel en kan beleidsvoorskrifte aan die Raad uitreik; en
- (b) Enige strategiese riglyn of beleidsopdrag wat ingevolge paragraaf (a) uitgereik is, onttrek of wysig.

HOOFSTUK 6

BEFONDSING EN FINANSIËLE BESTUUR VAN DIE KOMMISSIE

Fondse van die Kommissie

23.(1) Die fondse van die Kommissie bestaan uit –

- (a) geld bewillig deur die Provinsiale Wetgewer;
- (b) rente op beleggings van die Kommissie; en
- (c) inkomste wettig bekom uit enige ander bron.

(2) Die Kommissie moet sy fondse benut –

- (a) vir die betaling van besoldiging, toelaes en reis- en verblyfuitgawes van –
 - (i) die lede van die Raad;
 - (ii) die Hoof- Uitvoerende Beampte;
 - (iii) die personeellede van die Kommissie; en
- (b) om kostes te dek met betrekking tot –
 - (i) die dag-tot-dag werking en administrasie van die Kommissie; en
 - (ii) die verrigting van die pligte en funksies van die Kommissie en die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Wet.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, met die meewerking van die Raad –

- (a) 'n rekening oopmaak in die naam van die Kommissie by 'n instelling wat as 'n bank geregistreer is ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990); en
- (b) alle geld ontvang ingevolge subartikel (1) daarin deponeer.

(4) Die Raad, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, moet –

- (a) die besoldiging en diensvoorwaardes; en
- (b) die pensioen- en aftreevoordele,

van die Hoof- Uitvoerende Beampte en die ander personeellede van die Kommissie bepaal.

(5) Die Kommissie kan gelde wat in sy rekening gedeponeer is, wat nie vir onmiddellike gebruik vereis word nie, belê: Met dien verstande dat die Raad redelike stappe doen om te verseker dat die belegging nie spekulatief van aard is nie.

(6) Die Kommissie word beperk van die leen van geld of uitreiking van waarborge, kwytskeldings of sekuriteite of die aangaan van enige ander transaksies wat die Kommissie bind, tensy sodanige leen, waarborg, kwytskelding, sekuriteit of ander transaksie gemagtig word ingevolge hierdie Wet en nie teenstrydig is nie met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

Finansiële bestuur

24.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet volledige en behoorlike boeke van die rekening en al die nodige verbandhoudende rekords laat hou.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet verseker dat die Kommissie se jaarlikse begrotings, korporatiewe planne, jaarverslae en geouditeerde finansiële state voorberei en voorgelê word ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, binne drie maande voor die einde van elke finansiële jaar –

(a) 'n besigheidsplan vir die Kommissie, wat meetbare doelwitte en die ander inligting bedoel in artikel 25(3)(b) en (c) bevat; en

(b) 'n staat van die berekende inkomste en uitgawes van die Kommissie, aan die Raad voorlê vir goedkeuring met betrekking tot die volgende drie finansiële jaar.

(4) In enige finansiële jaar kan die Hoof- Uitvoerende Beampte aangepaste of aanvullende state van die beraamde inkomste en uitgawe van die Kommissie vir daardie finansiële jaar aan die Raad voorlê vir goedkeuring.

(5) Die Kommissie mag geen finansiële verbintenis buiten sy goedgekeurde begroting en opgelope reserwes aangaan nie.

(6) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan met die Raad se goedkeuring –

(a) enige onbestede gedeelte van sy fondse belê by die Korporasie vir Openbare Deposito's of enige ander instelling van tyd tot tyd deur die Nasionale Tesourie gekategoriseer of gelys as 'n Kategorie "A1"- finansiële instelling; of

(b) op enige ander wyse oor daardie gedeelte beskik.

(7) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte kan, met die Raad se goedkeuring, reserwefondse stig en sodanige bedrae as wat die Raad goedkeur, daarin deponeer.

Oudit en jaarverslag

25.(1) Die Ouditeur-generaal moet die finansiële state van die Kommissie audit.

(2)(a) Die Raad moet 'n verslag by die Provinsiale Wetgewer ter tafel lê oor die werksaamhede van die Kommissie gedurende 'n finansiële jaar, binne vyf maande na die einde van daardie finansiële jaar; en

(b) Binne vyf maande nadat die verslag ter tafel gelê is, moet 'n afvaardiging bestaande uit die voorsitter van die Raad en ten minste twee ander lede van die Raad die tersaaklike Portefeuljekomitee oor die jaarverslag inlig.

(3) Die verslag moet –

(a) 'n balansstaat en 'n staat van inkomste en uitgawes gesertifiseer deur die Ouditeur-generaal insluit;

(b) die omvang meld waartoe die Kommissie sy oogmerke vermeld in artikel 3 en die meetbare doelwitte soos in sy besigheidsplan uiteengesit soos bedoel in artikel 24(3)(a) gedurende die betrokke finansiële jaar bereik of bevorder het; en

(c) tersaaklike prestasie-inligting bevat aangaande die ekonomiese, effektiewe en doeltreffende toepassing van hulpbronne en in besonder 'n vergelyking tussen beplande en werklike prestasie-aanduiders soos uiteengesit in daardie besigheidsplan.

Finansiële jaar van die Kommissie

26. Die finansiële jaar van die Kommissie begin op 1 April van 'n spesifieke jaar en eindig op 31 Maart van die volgende jaar.

Vaste eiendom

27. Die Kommissie kan in die loop van sy besigheid, ingevolge 'n beleid en prosedures bepaal deur die Raad en met die goedkeuring van die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, vaste eiendom verkry, hou of daaroor beskik.

Regstappe teen die Kommissie

28.(1) Enige regstappe teen die Kommissie moet ingestel word in ooreenstemming met die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, 2002 (Wet No. 40 van 2002).

(2) Die Kommissie word, vir doeleindes van subartikel (1), beskou as 'n staatsorgaan bedoel in paragraaf (c) van die omskrywing daarvan in artikel 1 van die vermelde Wet.

HOOFSTUK 7
ALGEMENE BEPALINGS

Sekerheid van vertroulike inligting wat deur die Kommissie gehou word

29.(1) Onderhewig aan die Grondwet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), mag geen persoon enige inligting wat aan die Kommissie voorgelê word in ooreenstemming met enige regsopdrag of -instruksie, verklaar nie tensy –

- (a) hy of sy deur 'n geregshof daartoe gelas word; of
- (b) die persoon wat sodanige regsopdrag of -instruksie gegee het, skriftelik daartoe instem.

(2) Geen persoon mag enige inligting gehou in die register bedoel in artikel 7, 16(4) en 19(4) verklaar nie tensy sodanige verklaring –

- (a) gemaak is ingevolge enige wet wat sodanige verklaring afdwing of magtig;
- (b) wesenlik nodig is vir die behoorlike funksionering van die Kommissie; of
- (c) gemaak is vir doeleindes van monitering, evaluering, ondersoek of oorweging van enige werksaamheid wat met die Kommissie of enige personeellid van die Kommissie verband hou.

(3) Enige persoon wat subartikel (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Ontbinding van die Kommissie

30. Die Kommissie kan slegs ontbind word ingevolge 'n Wet van die Provinsiale Wetgewer.

Gebruik van naam van die Kommissie

31.(1) Geen persoon mag, sonder vooraf skriftelike magtiging van die Kommissie, op enige wyse die naam, akroniem, logo's, ontwerpe of materiaal wat deur die Kommissie gebruik of besit word, verteenwoordig of gebruik nie.

(2) Geen persoon mag valslik beweer dat hy of sy namens die Kommissie optree nie.

(3) Enige persoon wat subartikels (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Delegering

32.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan aan die Raad –

(a) enige bevoegdheid verleen aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad deur hierdie Wet deleger, buiten die bevoegdheid om regulasies vermeld in artikel 33 uit te vaardig; of

(b) enige plig wat aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad opgelê is deur hierdie Wet deleger, behalwe enige plig aangaande die aanstelling en beëindiging van amp van die lede van die Raad bedoel in artikel 5(1)(a) en 9(2).

(2) Die Raad kan, deur 'n spesiale beslissing, enige bevoegdheid of plig wat deur die Raad verleen of opgelê word deur hierdie Wet aan die Hoof- Uitvoerende Beampte of personeellid van die Kommissie deleger.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan aan enige personeellid van die Kommissie enige bevoegdheid of plig deleger wat aan die Hoof- Uitvoerende Beampte deur hierdie

Wet gedelegeer of opgelê is, buiten enige bevoegdheid of plig as rekenpligtige beampte van die Kommissie.

(4) Enige bevoegdheid of plig gedelegeer ingevolge subartikel (1), (2) of (3) moet uitgeoefen of uitgevoer word onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die persoon of liggaam wat die delegasie gemaak het, nodig ag.

(5) 'n Delegasie vermeld in subartikel (1), (2) of (3) –

- (a) moet skriftelik wees;
- (b) verbied nie die persoon of liggaam wat die delegasie gemaak het om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig uit te voer nie; en
- (c) kan te eniger tyd skriftelik deur daardie persoon of liggaam onttrek of gewysig word.

Regulasies

33. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, in oorleg met die Raad en deur middel van kennisgewing in die *Koerant*, regulasies uitvaardig aangaande –

- (a) enige aangeleentheid wat voorgeskryf mag word ingevolge hierdie Wet; of
- (b) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid nodig om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet.

Likwidering van Maatskappy en oorgangsbepalings wat daarmee verband hou

34.(1)(a) Die Maatskappy, KwaZulu-Natal Rolprentkommissie, met Maatskappyregistrasienuommer 2003/028677/08, ingestel ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), moet vrywillig gelikwideer en geskrap word; en

(b) Die lede van die Maatskappy moet, by likwidasie van die Maatskappy vermeld in paragraaf (a), onder andere voldoen aan artikel 349 en 350 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

(2) Op die datum van die likwidasie van die Maatskappy bedoel in subartikel (1), word alle bates, aanspreeklikhede, regte, pligte en verpligtinge, insluitend enige onbestede gedeelte van enige opgelope fondse of fondse ontvang deur die Maatskappy,

oorgeplaas na, en is onder berusting van, die KwaZulu-Natal Rolprentkommissie ingestel ingevolge artikel 2.

(3) Die Kommissie is, met betrekking tot die bates, aanspreeklikhede, regte, pligte en verpligtinge en fondse vermeld in subartikel (2), vir alle doeleindes die regsopvolger en opvolger in titel van die Maatskappy.

(4) Die lede van die Raad van die Maatskappy moet optree as behoorlik gemagtigde en bemaagtigde lede van die Raad van die Kommissie tot sodanige tyd as wanneer die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad ingevolge artikel 5(1) die Raad ingevolge hierdie Wet aangestel het.

(5) Alle personeellede van die Maatskappy moet, binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n werksaanbod ontvang van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad vir oorplasing na die Kommissie op 'n datum bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad.

(6) Die besoldiging, voordele en voorregte wat deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad gebied word, in ooreenstemming met subartikel (5), mag nie minder wees as daardie betaalbaar aan die personeellid deur die Maatskappy, onmiddellik voor sy of haar oorplasing nie.

(7) Vir die doeleindes van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), word dit beskou as geen verandering van werkgewer met betrekking tot 'n personeellid wat 'n werksaanbod bedoel in subartikel (5) aanvaar nie.

(8) Wanneer 'n persoon 'n personeellid van die Kommissie word ingevolge subartikel

(5) –

(a) behou hy of sy alle vakansieverlof wat tot sy of haar krediet opgeloop het tot die datum onmiddellik voor die oorplasingsdatum, aangepas in ooreenstemming met die diensvoorwaardes van die Kommissie; en

(b) moet die Kommissie beskik oor of enige ondersoek instel wat ingestel is of beoog was om ingestel te word met betrekking tot beweerde wangedrag wat deur sodanige persoon gepleeg is voor die datum van oorplasing en die

Kommissie moet toepaslike stappe teen die betrokke persoon doen in ooreenstemming met die wette, beleid en diensvoorwaardes of diens van toepassing op hom of haar onmiddellik voor die oorplasingsdatum.

Algemene misdrywe

35.(1) 'n Lid van die Raad, 'n personeellid, adviseur, agent of enige ander persoon in diens by of wat namens die Kommissie optree, is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy direk of indirek enige omkoperij aanvaar en of enige ongemagtigde geld of beloning ontvang van enige persoon in ooreenstemming met enigiets wat deur die Kommissie gedoen of aangebied word.

(2) Enige persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy ten opsigte van of met betrekking tot enigiets wat deur die Kommissie gedoen of aangebied word, enige personeellid of enige adviseur, agent of ander persoon in diens van of wat namens die Kommissie optree, oorrede of probeer beïnvloed om 'n krimenele oortreding te began.

(3) Enige persoon wat valslik beweer dat hy of sy gemagtig is om geld te eis of in te samel namens of in opdrag van die Kommissie, is skuldig aan 'n misdryf.

Strawwe

36. Enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet stel hom- of haarself bloot aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie of beide.

Kort titel

37. Hierdie Wet heet die KwaZulu-Natal Wet op die Rolprentkommissie, 2010.

No. 5

21 kuMfumu 2010

[Umbhalo wesiNgisi unyathelwe ngNdunankulu]

**UMTHETHO WEKHOMISHANA YEZAMAFILIMU
WAKWAZULU-NATALI, 2010**
(Umthetho Na. 03 ka 2010)

Uvunywe ngomhlaka 09-09-2010

UMTHETHO

Wokuhlinzekela ukusungulwa kweKhomishana Yezamafilimu YaKwaZulu-Natali; wokunquma izinhloso, amandla, izibopho kanye nemisebenzi yeKhomishana Yezamafilimu YaKwaZulu-Natali; wokunquma indlela iKhomishana yezamaFilimu yaKwaZulu-Natali ezophathwa ngayo, ezohlinzekwa ngayo ngabasebenzi kanye nangezimali; nokuhlinzekela okunye okuphathelene nalokho.

MAKUMISWE UMTHETHO yisiShayamthetho sesiFundazwe saKwaZulu-Natali, kanje:-

UKUHLELWA KWEZIGABA

Isigaba

ISAHLUKO 1

IZINCAZELO

1. Izincazelo

ISAHLUKO 2

IKHOMISHANA YEZAMAFILIMU YAKWAZULU-NATALI

2. Ukusungulwa kweKhomishana Yezamafilimu YaKwaZulu-Natali
3. Izinhloso zeKhomishana
4. Amandla, izibopho kanye nemisebenzi yeKhomishana

ISAHLUKO 3

IBHODI YEKHOMISHANA

5. Ukubunjwa kweBhodi
6. Ukungafaneleki ukuqokelwa eBhodini
7. Ukudalulwa kokuhlomula ngokwezezimali noma ngokunye kwamalungu eBhodi
8. Isikhathi sokuba sesikhundleni kanye nokuqokwa kabusha kwelungu leBhodi
9. Izikhala, ukususwa kanye nokusula esikhundleni kwamalungu eBhodi
10. Ukumiswa okwesikhashana kwelungu leBhodi
11. Imihlangano kanye nezinqubo emihlanganweni yeBhodi
12. Ukuhoxa kwelungu emihlanganweni kanye nasezinqutsheni zeBhodi
13. Amaholo amalungu eBhodi
14. Ukusungulwa kwamakomidi azosiza iBhodi
15. Ukukhethwa kwabantu kwiBhodi noma emaKomidini eBhodi

ISAHLUKO 4

ISIKHULU ESIPHEZULU KANYE NABASEBENZI BEKHOMISHANA

16. IsiKhulu esiPhezulu seKhomishana

17. Imisebenzi yesiKhulu esiPhezulu
18. Ukwesula nokususwa esikhundleni kwesiKhulu esiPhezulu
19. Abasebenzi beKhomishana
20. Ukusiswa noma ukudluliselwa kwabasebenzi kwiKhomishana

ISAHLUKO 5

UKUNQUNYWA KOMGOMO WOKUZIPHATHA WABAQAMBI BAMAFILIMU WESIFUNDAZWE

21. Umgomo wokuziPhatha wabaQambi bamaFilimu wesiFundazwe
22. Imiyalelo yenqubomgomo

ISAHLUKO 6

UKUHLINZEKWA NGEZIMALI KANYE NOKUPHATHWA KWEZIMALI ZEKHOMISHANA

23. Izimali zeKhomishana
24. Ukuphathwa kwezimali
25. Ucwangingo kanye nombiko wonyaka
26. Unyaka wezimali weKhomishana
27. Impahla engenakususwa
28. Ukuthathelwa izinyathelo zomthetho kweKhomishana

ISAHLUKO 7

IZINHLINZEKO EZIJWAYELEKILE

29. Ukuvikelwa kolwazi oluyimfihlo olugodlwe yiKhomishana
30. Ukuhlakazwa kweKhomishana
31. Ukusetshenziswa kwegama leKhomishana
32. Ukudluliselwa kwamandla
33. Imithethonqubo
34. Ukuvalwa kweNkampani kanye nezinhlelo zesikhashana eziphathelene nalokho
35. Amacala ajwayelekile
36. Izinhlawulo
37. Isihloko esifingqiwe

ISAPHLUKO 1
IZINCAZELO

Izincazelo

1. Kulo Mthetho, ngaphandle uma ingqikithi isho okwehlukile -

“iBhodi” kusho iBhodi yeKhomishana eqokwe ngaphansi kwesigaba 5;

“isiKhulu esiPhezulu” kusho isiKhulu esiPhezulu seKhomishana, esiqokwe ngokwesigaba 16;

“iKhomishana” kusho iKhomishana yezamaFilimu yaKwaZulu-Natali, eqokwe ngokwesigaba 2;

“iNkampani” kusho inhlangothi esungulwe ngokusemthethweni ngaphansi kwesigaba 21 soMthetho weziNkampani, 1973 (uMthetho No. 61 ka 1973), enombolo yokubhalisa engu-2003/028677/08 futhi eyaziwa njengeKhomishana yezamaFilimu yaKwaZulu-Natali;

“uMthethosisekelo” kusho uMthethosisekelo weRiphabhulikhi yaseNingizimu Afrika, 1996;

“uMnyango” kusho uMnyango okuHulumeni wesiFundazwe saKwaZulu-Natali obhekele ukuthuthukiswa komnotho nezokuvakasha;

“uMkhandlu Ophethe” kusho uMkhandlu oPhethe wesiFundazwe saKwaZulu-Natali ohlongozwe esigabeni 132 soMthethosisekelo;

“ifilimu” kusho noma iluphi uchungechunge lwemifanekiso oluqoshwe ngale ndlela yokuthi izokwazi ukubukwa njengesithombe esihambayo, futhi kubandakanya noma yisiphi isithombe okuhloswe ukuba siboniswe ngonoma iyiphi indlela noma umshini;

“ukukhiqiza ifilimu” kusho ukwenza ifilimu, kanti **“umqambi wamaFilimu”** kusho umuntu phaka noma isakhiwo esimiswe ngokomthetho esikhiqiza amaFilimu futhi **“imikhiqizo yamaFilimu”** kusho okungumphumela wokukhiqiza ifilimu;

“iGazethi” kusho iGazethi esemthethweni yesiFundazwe saKwaZulu-Natali;

“iNhloko yoMnyango” kusho umuntu oqokwe njengeNhloko yoMnyango ngokwesigaba 12 soMthetho Wemisebenzi Kahulumeni, 1994 nezichibiyelo zawo;

“iNhlango yokuThuthukiswa kweziMboni” kusho inhlango kahulumeni esungulwe ngaphansi kwesigaba 12 soMthetho weziNhlango zokuThuthukiswa kweziMboni, 1940 (uMthetho No. 22 ka 1940);

“ilungu” kusho ilungu leBhodi yeKhomishana eliqokwe ngokwesigaba 5;

“iLungu loMkhandlu oPhethe elibhekele ezezimali” kusho ilungu loMkhandlu oPhethe esiFundazweni saKwaZulu-Natali elibhekele ezezimali;

“ohulumeni basekhaya abahlelekile” kusho iNhlango youHulumeni baseKhaya yaKwaZulu-Natali okuyileyo nhlangano esiFundazweni saKwaZulu-Natali ethathwa ngokwesigaba 2 soMthetho woHulumeni baseKhaya abahlelekile, 1997 (uMthetho No. 52 ka 1997), njengemele iningi lomasipala esiFundazweni;

“iKomidi lemiSebenzi kaHulumeni l esiShayamthetho” kusho iKomidi lemiSebenzi kaHulumeni lesiShayamthetho sesiFundazwe elibhekele ukuthuthukiswa komnotho nezokuvakasha;

“okunqunyiwe” kusho okunqunywe ngumthethonqubo ngaphansi kwesigaba 33, kanti **“ukunquma”** kunencazelo efanayo;

“isiFundazwe” kusho isiFundazwe saKwaZulu-Natali esihlongozwe esigabeni 103 soMthethosisekelo kanti **“okwesifundazwe”** kunencazelo efanayo;

“uHulumeni wesiFundazwe” kusho uhulumeni wesiFundazwe saKwaZulu-Natali;

“isiShayamthetho sesiFundazwe” kusho isiShayamthetho sesiFundazwe saKwaZulu-Natali njengoba kubekwe esigabeni 105 soMthethosisekelo, futhi esinegunya lokushaya imithetho esiFundazweni njengoba kubekwe esigabeni 104(1) soMthethosisekelo;

“imithethonqubo” kusho imithethonqubo eyenziwe ngokwesigaba 33;

“iLungu eliqondene loMkhandlu Ophethe” kusho iLungu loMkhandlu Ophethe wesiFundazwe saKwaZulu-Natali elibhekele ukuthuthukiswa komnotho nezokuvakasha noma lelo Lungu loMkhandlu oPhethe eliphathiswe ukubhekela ukusebenza kwalo Mthetho nguNdunankulu;

“imboni yezamafilimu” kusho imboni yezamafilimu, kamabonakude, yevidiyo kanye neyeminye imithombo yokusakaza;

“lo Mthetho” kubandakanya imithethonqubo;

“Trade and Investment KwaZulu-Natal” kusho –

(a) inkampani e bunjwe ngaphansi kwesigaba 21 soMthetho weziNkampani, 1973 (uMthetho No. 61 ka 1973), eneNombolo yokuBhaliswa kweNkampani engu-98/11946/08; noma

(b) abayilandela ngokomthetho, kanye nabayilandela ngokwesikhundla, leyo nkampani.

ISAHLUKO 2

IKHOMISHANA YEZAMAFILIMU YAKWAZULU-NATALI

Ukusungulwa kweKhomishana Yezamafilimu YaKwaZulu-Natali

2.(1) Ngelokhu kusungulwa iKhomishana ezoqhakambisa imboni yezamafilimu esifundazweni, ezokwaziwa njengeKhomishana Yezamafilimu YaKwaZulu-Natali.

(2) IKhomishana iyisakhiwo esimiswe ngokomthetho esisebenza ngeBhodi..

(3) IKhomishana iwuhlaka lukahulumeni wesifundazwe olulawulwa uMthetho wokuPhathwa kweziMali zikaHulumeni, 1999 (uMthetho No. 1 ka 1999).

- (4) IBhodi yilona elingumgwamanda onesibopho sokubika ngeKhomishana njengoba kuhlangezwa esigabeni 49(2)(a) soMthetho Wokuphathwa Kwezimali Zikahulumeni

Izinhloso zeKhomishana

3. Izinhloso seKhomishana –

- (a) ukugqugquzela kanye nokuqhakambisa isiFundazwe njengendawo engathakaselwa umhlaba wonke yokuqamba amafilimu;
- (b) ukuthuthukisa, ukugqugquzela kanye nokuqhakambisa, ekhaya nasemazweni aphesheya imboni yezamafilimu esesiFundazweni;
- (c) ukugqugquzela ukutshalwa kwezimali embonini yezamafilimu esesiFundazweni;
- (d) ukuhlinzeka kanye nokukhuthaza ukuhlinzekwa kwabantu ngamathuba, ikakhulu labo ababencishwe amathuba phambilini, ukuthi bangene futhi babambe iqhaza embonini yezamafilimu esesiFundazweni;
- (e) ukulungisa ukungalingani maqondana nengqalasizinda nokusatshalaliswa kwamakhono nezinsiza embonini yezamafilimu esesiFundazweni; kanye
- (f) nokuba negalelo ekuvuleni amathuba emisebenzi embonini yezamafilimu esiFundazweni.

Amandla kanye nemisebenzi yeKhomishana

4.(1) IKhomishana kumele –

- (a) iphathe izimali ezabiwe yisiShayamthetho sesiFundazwe;
- (b) ihlongoze futhi iphathe izimali ezithokale kweminye imithombo ngaphandle kwezimali ezabiwe yisiShayamthetho sesiFundazwe;
- (c) ihehe ukuqanjwa kwamafilimu aphesheya esiFundazweni;
- (d) igqugquzele ukusungulwa, ukuthuthukiswa kanye nokukhuliswa kwengqalasizinda kanye nezindawo zembali yezamafilimu esiFundazweni;
- (e) ihehe ukutshalwa kwezimali ngamazwe angaphandle nawasekhaya kanye nezimali zokusungula, zokuthuthukisa kanye nezokukhulisa ingqalasizinda kanye nezindawo ezikhiqiza imikhiqizo yezamafilimu esiFundazweni;

- (f) isize futhi yenze kube lula ukuthuthukiswa kwabasebenzi kanye nobuchule babo embonini yezamafilimu esiFundazweni;
- (g) ihlinzeke izeluleko, uxhaso kanye nokuthola izimali zokuqamba amafilimu esiFundazweni;
- (e) enige ander ding doen of aan enige ander saak aandag skenk wat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad nodig ag vir die behoorlike implementering van hierdie Wet.

(3) Buiten die bevoegdhede vermeld in subartikel (2), het die Agentskap die bevoegdhede vermeld in artikel 34 van, en bylae 2 tot, die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

HOOFSTUK 3

DIE AGENTSKAPSRAAD

Samestelling van die Raad

5.(1) Die Raad bestaan uit –

- (a) ten minste vyf, maar nie meer as 20, lede aangestel deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad; en
- (b) die Hoof- Uitvoerende Beampte, *ex officio*, soos bedoel in artikel 16(5).

(2) Lede van die Raad moet gepaste en geskikte persone wees om die beste belange van die provinsie te dien, en gesamentlik oor die volgende beskik –

- (a) toepaslike kennis of ondervinding in georganiseerde kiesafdelings binne die besigheidsbedryf; en
- (b) die volgende vaardighede en kundigheid:
 - (i) regsvaardighede, -ondervinding en -kwalifikasies;
 - (ii) finansiële vaardighede, ondervinding en kwalifikasies;
 - (iii) ondervinding of kwalifikasies in belegging en uitvoere;
 - (iv) ondervinding of kwalifikasies in die arbeidsmark;
 - (v) ondervinding of kwalifikasies in menslike hulpbronne of opvoedkunde;
 - (vi) gemeenskapsontwikkelingsvaardighede en -ondervinding; en
 - (vii) vaardighede en ondervinding in beplanning of ontwikkeling.

(3) By aanstelling van lede op die Raad, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verseker dat –

- (a) historiese ongelykhede aangespreek word;
- (b) die Raad gesamentlik oor die nodige en toepaslike vaardighede en kundigheid beskik;
- (c) die Raad verteenwoordigend is van persone wat in diens of betrokke is by die invoer-, uitvoer-, handel- en beleggingsbesigheidsondernemings in die provinsie;
- (d) munisipale belange op die Raad verteenwoordig is op sodanige wyse dat billike ruimtelike verteenwoordiging van munisipaliteite bereik word: Met dien verstande dat nie meer as vier persone op die Raad aangestel mag word om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie paragraaf nie; en
- (e) georganiseerde plaaslike regering op die Raad verteenwoordig word.

(4) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet –

- (a) een van die lede van die Raad as die voorsitter van die Raad aanwys; en
- (b) een van die lede van die Raad as die adjunkvoorsitter van die Raad aanwys.

(5) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan 'n werknemer van die Departement as sy of haar verteenwoordiger aanstel wat –

(a) skakeling tussen die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad en die Raad moet vergemaklik;

(b) van tyd tot tyd aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verslag moet doen aangaande aangeleenthede wat as tersaaklik beskou word; en

(c) vergaderings van die Raad mag bywoon en aan besprekings deelneem, maar nie die reg het om te stem wanneer 'n raadsbesluit geneem word nie.

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, deur kennisgewing in die *Koerant*, enige belanghebbendes binne die provinsie uitnooi om kandidate te benoem vir aanstelling op die Raad.

(7) Die uitnodiging om benoemings moet die –

(i) benoemingsprosedure;

(ii) vereistes vir benoeming; en

(iii) sluitingsdatum vir benoeming,

spesifiseer.

(8) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet alle benoemings wat ingedien word in reaksie op die kennisgewing oorweeg, en 'n keurpaneel aanstel bestaande uit die senior departementele beamptes om al die benoemings te oorweeg en aanbevelings aangaande die benoemdes aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad te maak.

(9) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet die name van die persone wat op die Raad aangestel word, in die *Koerant* laat publiseer en in ten minste twee koerante met wye sirkulasie in die Provinsie, onmiddellik nadat sodanige persone skriftelik in kennis gestel is van hul aanstelling op die Raad.

(10) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, binne twee maande na die aanstelling van lede van die Raad ingevolge subartikel (1), die Uitvoerende Raad en die Portefeuljekomitee inlig oor die name van die aangestelde lede insluitend hul aanstellingstermyn.

(11) Hierdie artikel is, met die nodige veranderings, van toepassing op die vul van 'n vakature op die Raad.

Onbevoegdheid vir aanstelling op die Raad

6. 'n Persoon is onbevoeg vir aanstelling op die Raad of om op die Raad te bly dien, op grond van die feit dat hy of sy –

- (a) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (b) deur 'n bevoegde hof as ontoerekeningsvatbaar verklaar is of word;
- (c) direk of indirek belang het in enige kontrak met die Agentskap en versuim om sy of haar belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse wat deur hierdie Wet vereis word;
- (d) onder kuratorskap is;
- (e) te eniger tyd uit 'n vertrouensamp ontslaan is as gevolg van wangedrag wat diefstal of bedrog insluit;
- (f) skuldig bevind is en gevonnissen is tot 'n termyn van gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete, behalwe dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, by die openbaarmaking van volle besonderhede van 'n misdryf in 'n beëdigde verklaring van 'n persoon wat vir aanstelling benoem is, 'n skuldigbevinding kan oorsien op 'n wyse wat konsekwent is met artikel 106(1)(e) van die Grondwet: Met dien verstande dat onbevoegdheid ingevolge hierdie subartikel eindig vyf jaar nadat die vonnis uitgedien is; en
- (g) versuim om 'n belang in ooreenstemming met artikel 7 te verklaar of die verrigtinge van die Raad bygewoon het of daaraan deelgeneem het terwyl hy of sy 'n belang het soos bedoel in die vermelde artikel.

Verklaring van finansiële of ander belange van lede van die Raad

7.(1) 'n Persoon wat benoem is om op die Raad te dien ingevolge subartikel 5(6) moet, binne 10 dae na benoeming, 'n skriftelike verklaring aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorlê van alle direkte of indirekte belange in enige maatskappy of ander besigheidsbelange.

(2) Enige versuim deur die benoemde om finansiële en ander belange ingevolge subartikel (1) te verklaar, diskwalifiseer sodanige benoemde ingevolge artikel 6 om oorweeg te word vir die posisie as lid van die Raad.

(3) Elke lid van die Raad moet, by aanvaarding van die amp en aan die begin van elke finansiële jaar van die Agentskap, 'n skriftelike verklaring van sy of haar direkte of indirekte belang in enige maatskappy of ander besigheidsbelang voorlê op die wyse waarvoor in artikel 234(3)(a) van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973) voorsiening gemaak word.

(4) Waar 'n lid van die Raad 'n belang in enige maatskappy of ander besigheidsbelange verkry te eniger tyd gedurende sy of haar dienstyl as 'n lid van die Raad moet hy of sy binne 10 dae na die datum van die verkryging van sodanige belang, 'n skriftelike verklaring van sodanige belang aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorlê.

(5) Enige versuim deur die lid om sy of haar belang te verklaar soos bedoel in subartikels (3) en (4) moet lei tot beëindiging van aanstelling van sodanige lid ingevolge artikel 10(2).

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet 'n opgedateerde register hou van die belange van lede van die Raad wat ingevolge hierdie artikel verklaar is.

Ampstermyn en heraanstelling van 'n lid van die Raad

8. Die ampstermyn van 'n persoon wat op die Raad aangestel is, duur 'n tydperk van vyf jaar of sodanige korter tydperk soos die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad mag bepaal en is, onderhewig aan artikel 5, verkiesbaar vir heraanstelling by die verstryking van sodanige tydperk: Met dien verstande dat geen persoon heraanstelling mag word nadat hy of sy op die Raad gedien het vir 'n aaneenlopende tydperk van tien jaar nie.

Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van 'n lid van die Raad

9.(1) 'n Lid van die Raad moet die amp verlaat indien hy of sy onbevoeg raak soos bedoel in artikel 6.

(2) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, nadat die lid 'n geleentheid gebied is om sy of haar saak te stel, te eniger tyd die ampstermyn van sodanige lid beëindig, indien volgens sy of haar diskresie, daar goeie redes daarvoor is.

(3) 'n Lid moet sy of haar amp verlaat indien hy of sy afwesig is, sonder dat verlof vir sodanige afwesigheid deur die Raad toegestaan is, van twee opeenvolgende vergaderings van die Raad waarvoor redelike kennis persoonlik of per pos aan daardie lid gegee is.

(4) 'n Lid kan skriftelik uit die amp bedank deur nie minder nie as 30 dae kennis aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad te gee: Met dien verstande dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad die kennisgewingtydperk laat vaar.

(5) Wanneer 'n vakature op die Raad ontstaan, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 5, 'n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstreke deel van die ampstydperk van die lid in wie se plek sodanige persoon aangestel is.

(6) In die geval dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad sy of haar bevoegdhede ingevolge subartikel (2) uitoefen, kan hy of sy, niesteenstaande die prosedure vir die aanstelling van die lede van die Raad soos in artikel 5 uiteengesit, onderhewig aan subartikels 5(2) en 5(3) persone aanstel om op 'n voorlopige grondslag te dien as lede van die Raad: Met dien verstande dat –

- (a) die persone aangestel ingevolge hierdie subartikel nie op die Raad mag aanbly vir 'n tydperk van meer as 00 dae na die datum van hul aanstelling nie; en
- (b) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 5, die lede van die Raad aanstel binne 00 dae na die aanstelling bedoel in hierdie subartikel.

Tydelik skorsing van 'n lid van die Raad

10. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan 'n lid van die Raad skors terwyl die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bewerings ondersoek wat, indien daar gevind word dat dit korrek is, kan lei tot beëindiging van die lid se aanstelling ingevolge artikel 9(2).

Vergaderings en vergaderingsprosedures van die Raad

11.(1) Die eerste vergadering van die Raad moet gehou word op 'n datum, tyd en plek soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bepaal waarna alle toekomstige vergaderings moet plaasvind soos deur die voorsitter bepaal.

(2) Die kworum vir 'n vergadering van die Raad is die meerderheid van die lede van die Raad.

(3) Die verrigtinge by 'n vergadering van die Raad moet, onderhewig aan die bepalings van hierdie artikel, deur die voorsitter bepaal word insluitend die reg om te besluit dat enige aangeleentheid onder bespreking onttrek kan word voordat daaroor gestem word.

(4) Die voorsitter moet by alle vergaderings van die Raad voorsit. Indien die voorsitter afwesig is, moet die adjunkvoorsitter as voorsitter optree en indien beide die voorsitter en die adjunkvoorsitter by 'n vergadering van die Raad afwesig is, kan die lede teenwoordig, uit hul eie geledere, 'n persoon verkies om as voorsitter op te tree vir die duur van daardie spesifieke vergadering.

(5) 'n Besluit van die Raad moet geneem word deur 'n meerderheid van die stemme van die lede wat by 'n vergadering teenwoordig is en, in die geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid, het die voorsitter 'n beslissende stem buiten sy of haar gewone stem.

(6) Die Raad moet notules van sy vergaderings hou.

(7) Geen besluit van die Raad is ongeldig slegs op grond van 'n vakature in die Raad nie: Met dien verstande dat die besluit geneem word deur die vereiste meerderheid van die lede van die Raad daar teenwoordig en geregtig daarop om as lede van die Raad te sit.

(8) Die voorsitter, of 'n meerderheid van die lede van die Raad, kan 'n buitengewone vergadering van die Raad roep in welke geval die bepalings van hierdie artikel, met die nodige veranderings, van toepassing is.

(9) Die Raad kan, volgens sy diskresie, lede van die publiek toelaat om enige vergadering van die Raad by te woon.

Onttrekking van 'n lid van vergaderings en verrigtinge van die Raad

12.(1) 'n Lid van die Raad moet hom- of haarself van 'n saak onttrek wat deur die Raad ondersoek, oorweeg of oor gestem word indien een of meer van die volgende geld –

- (a) indien hy of sy 'n direkte of indirekte belang het; of
- (b) indien daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n direkte of indirekte belang mag ontstaan.

(2) Indien dit in enige stadium gedurende die loop van enige verrigtinge voor die Raad blyk dat 'n lid wat by daardie vergadering teenwoordig is, of 'n belang kan hê bedoel in subartikel (1), moet sodanige lid onverwyld die aard van sy of haar belang verklaar en die vergadering verlaat.

(3) Enige verklaring van belang wat ingevolge subartikel (1) gemaak is, moet opgeteken word in die notule van die betrokke vergadering.

(4) Indien dit daarna blyk dat die Raad 'n besluit geneem het oor 'n saak ten opsigte waarvan 'n lid versuim het om 'n belang bedoel in subartikel (1) te verklaar, is sodanige besluit deur die Raad ongeldig.

(5) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit "**indirekte belang**" in, maar is nie beperk nie tot, 'n belang wat gehou word deur enige lid se –

- (a) besigheidsvennoot, kollega of werkgewer, buiten die Staat;
- (b) eggenoot, deelgenoot in 'n gewoontehuwelik, of persoon saam met wie sodanige lid bly of leef asof hul getroud is; of
- (c) kind, ouer, of broer of suster.

Vergoeding van lede van die Raad

13.(1)(a) 'n Lid van die Raad kan uit die fondse van die Agentskap sodanige vergoeding en toelae betaal word soos bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies; en
(b) 'n Lid van die Raad wat vergoeding, toelae of ander voordele ontvang uit hoofde van sy of haar pos of diens in –

- (i) die nasionale regering;
- (ii) 'n provinsiale regering;
- (iii) 'n munisipaliteit; of
- (iv) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende belang het, en

wat voortgaan om sodanige vergoeding, toelaes of ander voordele te ontvang terwyl hy of sy as 'n lid van die Raad dien, mag slegs vergoeding en toelae ontvang soos vermeld in paragraaf (a) tot die omvang wat vereis word om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of sy sou gewees het indien dit nie vir sodanige pos of diens was nie.

(2)(a) 'n Lid van die Raad en 'n persoon wat aan die Raad gekoöpteer is, kan met betrekking tot sy of haar funksies as 'n lid of gekoöpteerde lid, vergoeding ontvang uit die fondse van die Agentskap vir redelike werklike reis- en verblyfkoste genoodsaak deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die Raad; en

(b) Die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies moet prosedures, insluitende beheermaatreëls, bepaal vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir reis- en verblyfkoste bedoel in paragraaf (a).

Instelling van komitees om die Raad by te staan

14.(1) Die Raad kan komitees instel wat uit een of meer van sy lede bestaan om –

- (a) die Raad by te staan in die uitvoering van enige van die bevoegdhede, pligte of funksies van die Agentskap bedoel in artikel 4; of
- (b) ondersoek in te stel of navorsing te doen oor enige saak wat binne die mandaat van die Raad ingevolge hierdie Wet val.

(2) Wanneer 'n komitee bedoel in subartikel (1) ingestel word, moet die Raad –

- (a) die opdrag van sodanige komitee bepaal, insluitend maar nie beperk nie tot, of sodanige komitee ophou voortbestaan of nie wanneer dit die taak of take voltooi het wat deur die Raad daaraan toegewys is;
- (b) 'n voorsitter van sodanige komitee aanstel wat 'n lid van die Raad moet wees; en
- (c) bepaal of sodanige komitee persone mag koöpteer wat nie lede van die Raad is nie, en indien wel, op watter terme en voorwaardes.

(3) Die Raad kan, te eniger tyd, die bestaan van 'n komitee of enige mandaat wat aan 'n komitee gegee is, beëindig, ongeag of sodanige komitee die taak of take voltooi het wat daaraan deur die Raad toegewys is.

(4)(a) Die Hoof- Uitvoerende Beampte mag vergaderings van die Raad bywoon en daaraan deelneem, maar het nie die reg om te stem nie; en

(b) 'n Personeellid van die Raad mag, op uitnodiging deur die tersaaklike komitee, 'n vergadering van daardie komitee bywoon.

Koöptering van persone aan die Raad of komitees van die Raad

15.(1) Die Raad mag, indien hy van mening is dat 'n spesifieke persoon in staat is om hom by te staan met betrekking tot enige van sy funksies en bevoegdhede, sodanige persoon vir daardie doel koöpteer.

(2) 'n Persoon wat gekoöpteer is ingevolge subartikel (1) is nie geregtig daarop om te stem by enige vergadering van die Raad of 'n komitee nie.

(3) 'n Persoon wat gekoöpteer is ingevolge subartikel (1) moet sodanige vergoeding en toelae uit die fondse van die Agentskap ontvang soos deur die Raad bepaal

ooreenkomstig artikel 13(2)(a), in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies.

HOOFSTUK 4

HOOF- UITVOERENDE BEAMPTTE EN PERSONEEL VAN DIE AGENTSKAP

Hoof- Uitvoerende Beampte van die Agentskap

16.(1) Die Raad moet, in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Agentskap aanstel.

(2)(a) Die Hoof- Uitvoerende Beampte word aangestel vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie; en

(b) Die Hoof- Uitvoerende Beampte mag heraangestel word vir een bykomende ampstermyn wat nie vyf jaar oorskry nie.

(3)(a) Die aanstelling van die Hoof- Uitvoerende Beampte is onderhewig aan die sluiting van 'n skriftelike prestasie-ooreenkoms wat aangegaan word tussen daardie persoon en die Raad; en

(b) Die Raad en die Hoof- Uitvoerende Beampte mag, skriftelik en volgens ooreenkoms, die prestasie-ooreenkoms wysig.

(4) Vir doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, is die bepaling van artikel 7 met die nodige veranderinge van toepassing op die Hoof- Uitvoerende Beampte behalwe dat die Hoof- Uitvoerende Beampte sy of haar belange aan die Raad moet verklaar.

(5) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is 'n *ex officio*-lid van die Raad maar het nie die reg om by sy vergaderings te stem nie.

Funksies van die Hoof- uitvoerende beampte

17.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is verantwoordelik vir –

- (a) die administratiewe en finansiële bestuur van die Raad in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en die opdrag van die Raad;
- (b) die aanstelling van personeellede van die Agentskap bedoel in artikel 19(1) in oorleg met die Raad;
- (c) die bepaling van 'n gedragskode, in oorleg met die Raad, van toepassing op die Hoof- Uitvoerende Beampte, alle personeel van die Agentskap en bereikbaar vir doeleindes van dissiplinêre stappe, om –
 - (i) nakoming van toepaslike reg, insluitend hierdie Wet;
 - (ii) die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese gebruik van die Agentskap se fondse en hulpbronne;
 - (iii) die bevordering en handhawing van 'n hoë standaard van professionele etiek;
 - (iv) die voorkoming van botsende belange;
 - (v) die beskerming van vertroulike inligting gehou deur die Agentskap; en
 - (vi) professionele, eerlike, onpartydige, regverdige, etiese en billike diens, te verseker;
- (d) die handhawing van dissipline oor die personeel aangestel ingevolge paragraaf (b) en moet, vir daardie doeleindes, aan die Raad verantwoordbaar wees;
- (e) die byhou en instandhouding van die register van belange verklaar deur 'n personeellid van die Agentskap; en
- (f) versekering van nakoming deur die Raad van die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en enige ander toepaslike wetgewing.

(2) Indien die Hoof- Uitvoerende Beampte om enige rede nie in staat is om enige van sy of haar funksies uit te voer nie, moet die Raad, in oorleg met die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad, 'n ander persoon aanstel as Waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte tot die Hoof- Uitvoerende Beampte in staat is om daardie funksies te hervat.

Bedanking en ontslag uit amp van die Hoof- Uitvoerende Beampte

18.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte ontruim sy of haar amp –

- (a) in die geval van bedanking, wanneer die bedanking van krag word;
- (b) wanneer, ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), die persoon wat daardie amp beklee, onbevoeg raak om as direkteur van 'n maatskappy te dien; en
- (c) by ontslag uit amp ingevolge subartikel (2).

(2) Die Raad kan, in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad, die Hoof- Uitvoerende Beampte se diens beëindig in ooreenstemming met toepaslike indiensnemings- en arbeidsreg.

Personeel van die Agentskap

19.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, onderhewig aan subartikel (2), personeellede van die Agentskap in diens neem soos wat redelikerwys nodig blyk te wees –

- (a) om hom of haar by te staan in die verrigting van sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet; en
- (b) om die Raad by te staan met die werk eie aan die verrigting van sy funksies deur die Raad.

(2) Die Raad moet, onderhewig aan artikel 24(4), 'n menslike hulpbronbeleid vir personeellede van die Agentskap bepaal, insluitend die Hoof- Uitvoerende Beampte.

(3) Vir doeleindes van die verklaring van finansiële of ander belange, en onderhewig aan artikel 17(1)(e), is die bepalings van artikels 7(3), 7(4) en 7(5), met die nodige veranderings, van toepassing op personeellede van die Agentskap.

(4) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet 'n opgedateerde register byhou van die belange van personeellede van die Agentskap wat ingevolge subartikel (3) verklaar is.

Sekondering of oorplasing van personeel na die Agentskap

20. Die Agentskap kan die dienste benut van persone wat vanaf die staatsdiens gesekondeer of oorgeplaas word in ooreenstemming met die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).

HOOFSUK 5**BEPALING VAN PROVINSIALE BELEGGINGS- EN UITVOERBELEID****Provinsiale Beleggings- en Uitvoerbeleid**

21. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, na oorlegpleging met die Raad, 'n Provinsiale Beleggings- en Uitvoerbeleid ontwikkel.

Provinsiale Beleggings- en Uitvoerplan

22.(1) Die Raad moet, binne ses maande na die ontwikkeling van die Provinsiale Beleggings- en Uitvoerbeleid ingevolge artikel 21, 'n Provinsiale Beleggings- en Uitvoerplan ontwikkel om die beleid en oogmerke wat deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad ingevolge hierdie Wet ontwikkel is, te bereik en uitvoering daaraan te gee.

(2) Wanneer die Agentskap sy funksies ingevolge hierdie Wet verrig, moet hy uitvoering gee aan die Provinsiale Beleggings- en Uitvoerplan.

Beleidsvoorskrifte

23.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan –

- (a) strategiese riglyne stel vir die nastrewing van die Agentskap se oogmerke;
- (b) beleidsvoorskrifte aan die Raad uitreik; en
- (c) enige beleidsopdragte uitgereik ingevolge paragraaf (a) onttrek of wysig.

HOOFSTUK 6

BEFONDSING EN FINANSIËLE BESTUUR VAN DIE AGENTSKAP

Fondse van die Agentskap

24.(1) Die fondse van die Agentskap bestaan uit –

- (a) geld bewillig deur die Provinsiale Wetgewer;
- (b) rente op beleggings van die Agentskap; en
- (c) inkomste wat wettig van enige ander bron afkomstig is.

(2) Die Agentskap moet sy fondse benut –

- (a) vir die betaling van vergoeding, toelaes en reis- en verblyfkoste van –
 - (i) die lede van die Raad;
 - (ii) die Hoof- Uitvoerende Beampte; en
 - (iii) die personeellede van die Agentskap; en
- (b) om kostes te dek met betrekking tot –
 - (i) die dag-tot-dag bedryf en administrasie van die Agentskap; en
 - (ii) die verrigting van die pligte en funksies van die Agentskap en die uitoefening van sy bevoegdhede ingevolge hierdie Wet.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte moet, met die instemming van die Raad –

- (a) 'n rekening in die Agentskap se naam oopmaak by 'n instelling geregistreer as 'n bank ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990); en
- (b) alle geld wat ingevolge subartikel (1) ontvang is, daarin deponeer.

(4) Die Raad, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, moet –

- (a) die vergoeding en diensvoorwaardes; en
- (b) die pensioen- en aftreevoordele,

van die Hoof- Uitvoerende Beampte en die ander personeellede van die Agentskap bepaal.

(5) Die Agentskap kan gelde belê wat in sy rekening gedeponeer is en wat nie vir onmiddellike gebruik vereis word nie: Met dien verstande dat die Raad redelike stappe doen om te verseker dat die belegging nie spekulatief van aard is nie.

(6) Die Agentskap mag nie geld leen of waarborge, kwytskeldings of sekuriteite uitreik of enige ander transaksies wat die Agentskap bind, aangaan nie, tensy sodanige lening, waarborg, kwytskelding, sekuriteit of ander transaksie ingevolge hierdie Wet gemagtig word en nie teenstrydig is met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) nie.

Finansiële bestuur

25.(1) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte moet volledige en behoorlike rekeningboeke en al die nodige rekords wat daarop betrekking het, byhou.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte moet verseker dat die Agentskap se jaarlikse begrotings, korporatiewe planne, jaarverslae en geouditeerde finansiële state voorberei en voorgelê word in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte moet binne drie maande voor die einde van elke finansiële jaar –

(a) 'n besigheidsplan vir die Agentskap, wat meetbare doelwitte bevat en die ander inligting bedoel in artikel 26(3)(b) en (c); en

(b) 'n staat van die beraamde inkomste en uitgawes van die Agentskap, aan die Raad voorlê vir goedkeuring met betrekking tot die volgende drie finansiële jaar.

(4) In enige finansiële jaar kan die Hoof- Uitvoerende Beamppte aangepaste of bykomende state van die beraamde inkomste en uitgawes van die Agentskap vir daardie finansiële jaar aan die Raad voorlê vir goedkeuring.

(5) Die Agentskap mag geen finansiële verbintenis aangaan buiten sy goedgekeurde begroting en opgegaarde reserwes nie.

(6) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte kan met die goedkeuring van die Raad –

(a) enige onbestede gedeelte van sy fondse by die Korporasie vir Openbare Deposito's of enige ander instelling belê soos van tyd tot tyd deur die Nasionale Tesourie gekategoriseer of gelys as 'n Kategorie "A1"-finansiële instelling; of

(b) op enige ander manier van daardie gedeelte afstand doen.

(7) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte kan, met die goedkeuring van die Raad, reserwefondse stig en bedrae soos deur die Raad goedgekeur, daarin deponeer.

Oudit en jaarverslag

26.(1) Die Ouditeur-Generaal moet die finansiële state van die Agentskap audit.

(2)(a) Die Raad moet 'n verslag oor die aktiwiteite van die Agentskap gedurende 'n finansiële jaar in die Provinsiale Wetgewer ter tafel lê binne vyf maande na die einde van daardie finansiële jaar; en

(b) Binne vyf maande nadat die verslag ter tafel gelê is, moet 'n delegasie bestaande uit die voorsitter van die Raad en ten minste twee ander lede van die Raad die betrokke Portefeuljekomitee oor die jaarverslag inlig.

(3) Die verslag moet –

(a) 'n balansstaat en 'n inkomste-en-uitgawestaat gesertifiseer deur die Ouditeur-generaal insluit;

(b) die omvang verklaar waartoe die Agentskap sy oogmerke vermeld in artikel 3 bereik of bevorder het en die meetbare doelwitte soos uiteengesit in sy besigheidsplan soos bedoel in artikel 25(3)(a) gedurende die betrokke finansiële jaar; en

(c) tersaaklike prestasie-inligting bevat aangaande die ekonomiese, doelmatige en doeltreffende toepassing van hulpbronne en in besonder 'n vergelyking tussen beplande en werklike prestasie-aanduiders soos in daardie besigheidsplan uiteengesit.

Stigting en administrasie van spesiale fondse

27.(a) Die Agentskap kan, in oorleg met die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, spesiale fondse stig en onderhou, insluitend 'n fonds om die voorheen benadeelde groepe in die hoofstroom van invoer en uitvoer te bring; en

(b) Die Agentskap moet sodanige fondse administreer op die wyse soos bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad.

Finansiële jaar van die Agentskap

28. Die finansiële jaar van die Agentskap begin op 1 April van 'n spesifieke jaar en eindig op 31 Maart van die volgende jaar.

Vaste eiendom

29. Die Agentskap kan, ingevolge 'n beleid en prosedures soos deur die Raad bepaal en met die goedkeuring van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, vaste eiendom verkry, hou of oor beskik in sy besigheidsverloop.

Regstappe teen die Agentskap

30.(1) Enige regstappe teen die Agentskap moet ingestel word in ooreenstemming met die Wet op die Instel van Geregtelike Verrigtinge teen Sekere Staatsorgane, 2002 (Wet No. 40 van 2002).

(2) Die Agentskap word, vir doeleindes van subartikel (1), beskou as staatsorgaan bedoel in paragraaf (c) van die omskrywing daarvan in artikel 1 van die vermelde Wet.

HOOFSTUK 7

ALGEMENE BEPALINGS

Sekuriteit van vertroulike inligting gehou deur die Agentskap

31.(1) Onderhewig aan die Grondwet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), mag geen persoon enige inligting wat aan die Agentskap voorgelê word met betrekking tot enige regsopdrag of -instruksie openbaar maak nie, tensy –

(a) hy of sy deur 'n geregshof daartoe gelas word; of

(b) die persoon wat sodanige opdrag of instruksie gegee het, skriftelik daartoe instem.

(2) Geen persoon mag enige inligting wat in die register bedoel in artikels 7, 16(4) en 19(4) gehou word, openbaar maak nie tensy sodanige openbaarmaking –

- (a) ingevolge enige wet is wat sodanige openbaarmaking verplig of magtig;
- (b) wesenlik nodig is vir die behoorlike funksionering van die Agentskap; of
- (c) gemaak is vir doeleindes van monitering, evaluering, ondersoek of oorweging van enige aktiwiteit wat op die Agentskap, of enige personeellid van die Agentskap, betrekking het.

(3) Enige persoon wat subartikel (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Ontbinding van die Agentskap

32. Die Agentskap mag slegs ontbind word ingevolge 'n wet van die Provinsiale Wetgewer.

Gebruik van naam van die Agentskap

33.(1) Geen persoon mag, sonder vooraf skriftelike magtiging van die Agentskap, op enige wyse die Agentskap verteenwoordig of gebruik maak van die naam, akroniem, logo, ontwerp of materiaal gebruik of besit deur die Agentskap nie.

(2) Geen persoon mag valslik beweer dat hy of sy namens die Agentskap optree nie.

(3) Enige persoon wat subartikel (1) of (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

Delegering

34.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad mag aan die Raad –

- (a) enige bevoegdheid deleger wat aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad deur hierdie Wet verleen is, buiten die bevoegdheid om regulasies vermeld in artikel 36 uit te vaardig; of

(b) enige plig deleger wat aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad deur hierdie Wet opgelê is, buiten enige plig aangaande die aanstelling en beëindiging van die amp van die lede van die Raad bedoel in artikels 5(2) en 9(2).

(2) Die Raad kan, deur 'n spesiale beslissing, enige bevoegdheid of plig wat deur hierdie Wet aan die Raad verleen of opgelê is, aan die Hoof- Uitvoerende Beampte of personeellid van die Agentskap deleger.

(3) Die Hoof- Uitvoerende Beampte kan aan enige personeellid van die Agentskap enige bevoegdheid of plig wat deur hierdie Wet aan die Hoof- Uitvoerende Beampte verleen of opgelê is, deleger behalwe enige plig as rekenpligtige beampte van die Agentskap.

(4) Enige bevoegdheid of plig gedeleger ingevolge subartikel (1), (2) of (3) moet uitgeoefen of verrig word onderhewig aan sodanige voorwaardes soos wat die persoon of liggaam wat die delegering gedoen het, nodig ag.

(5) Enige delegasie vermeld in subartikel (1), (2) of (3) –

(a) moet skriftelik wees;

(b) verbied nie die persoon of liggaam wat die delegering gedoen het om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie; en

(c) mag ter enige tyd skriftelik deur daardie persoon of liggaam onttrek of gewysig word.

Regulasies

35. Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, in oorleg met die Raad en deur middel van kennis in die *Koerant*, regulasies uitvaardig met betrekking tot –

(a) enige aangeleentheid wat voorgeskryf mag word ingevolge hierdie Wet; of

(b) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet.

Likwidasie van maatskappy en oorgangsbepalings wat daarmee verband hou

36.(1)(a) Die Maatskappy, Handel en Belegging KwaZulu-Natal, met Maatskappyregistrasienommer 98/11946/08, ingestel ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), moet vrywillig gelikwideer en geskrap word; en

(b) Die lede van die Maatskappy moet, by likwidasie van die Maatskappy vermeld in subartikel (1), onder andere voldoen aan artikels 349 en 350 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973).

(2) Op die datum van likwidasie van die Maatskappy bedoel in subartikel (1), word alle bates, laste, regte, pligte en verpligtinge, insluitend enige onbestede gedeelte van enige opgelope fondse of fondse ontvang deur die Maatskappy, oorgeplaas na, en berus by, Handel en Belegging KwaZulu-Natal, ingestel ingevolge artikel 2.

(3) Handel en Belegging KwaZulu-Natal is, met betrekking tot die bates, laste, regte, pligte en verpligtinge en fondse vermeld in subartikel (2), vir alle doeleindes regtens die opvolger van, en die regsopvolger tot, die Maatskappy.

(4) Die lede van die Raad van die Maatskappy moet as behoorlik gemagtigde en bemaagtigde lede van die Agentskapsraad optree tot sodanige tyd as wanneer die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, ingevolge artikel 5(2), die Raad ingevolge hierdie Wet aangestel het.

(5) 'n Werksaanbod moet binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad aan alle personeellede van die Maatskappy gemaak word vir oorplasing na die Agentskap op 'n datum soos bepaal deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad.

(6) Die vergoeding, voordele en voorregte wat deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad in ooreenstemming met subartikel (1) gebied word, mag nie minder wees nie as dit betaalbaar aan die personeellid deur die Maatskappy, onmiddellik voor sy of haar oorplasing.

(7) Vir die doeleindes van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), word geag dat geen verandering van werkgewer plaasgevind het nie met betrekking tot 'n personeellid wat 'n werksaanbod bedoel in subartikel (5) aanvaar.

(8) Wanneer 'n persoon ingevolge subartikel (5) 'n personeellid van die Agentskap word –

(a) behou hy of sy alle opgelope vakansieverlof tot sy of haar krediet tot die datum onmiddellik voor die datum van oorplasing, aangepas in ooreenstemming met die diensvoorwaardes van die Agentskap; en

(b) moet enige navraag wat ingestel of beoog word ten opsigte van beweerde wangedrag gepleeg deur sodanige persoon voor die datum van oorplasing, beskik word oor of ingestel word deur die Agentskap en die Agentskap moet toepaslike stappe doen teen die betrokke persoon in ooreenstemming met die wette, beleid en diensvoorwaardes wat op hom of haar van toepassing is onmiddellik voor die datum van oorplasing.

Algemene oortredings

37.(1) 'n Lid van die Raad, 'n personeellid, adviseur, agent of enige ander persoon in diens van of waarnemend namens die Agentskap is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy direk of indirek enige omkoopgeld aanvaar en of enige ongemagtigde fooi of beloning ontvang vanaf enige persoon in verband met enigiets gedoen of gebied deur die Agentskap.

(2) Enige persoon is skuldig aan 'n misdryf indien hy of sy, met betrekking tot of in verband met enigiets wat deur die Agentskap gedoen of gebied word, 'n lid van die Raad, 'n personeellid, adviseur, agent of enige ander persoon in diens van of waarnemend namens die Agentskap, oorreed of probeer beïnvloed om 'n kriminele oortreding te began.

(3) Enige persoon wat valslik beweer dat hy of sy gemagtig is om fooie, donasies of bydraes te hef of in te vorder, namens of in opdrag van die Agentskap is skuldig aan 'n misdryf.

Strawwe

38. Enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is aanspreeklik vir 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie 5 jaar oorskry nie of beide.

Kort titel

39. Hierdie Wet word genoem die KwaZulu-Natal Wet op Handels- en Beleggingsagentskap, 2010.

No. 7

21 kuMfumfu 2010

[Umbhalo wesiNgisi unyathelwe nguNdunankulu]

UMTHETHO WESIKHUNGO SEZOHWEBO NOKUTSHALWA KWEZIMALI WAKWAZULU-NATALI, 2010

(Umthetho Na. 05 ka 2010)

Uvunywe ngomhlaka 09-09-2010

UMTHETHO

Wokuhlinzekela ukusungulwa kwesikhungo sokuthuthukiswa komnotho esizokwaziwa nge-Trade and Investment KwaZulu-Natal ukuze kuhehwe utshalomali lwasemazweni angaphandle nolwalapha ekhaya futhi kwandiswe impahla engenayo nephumayo esiFundazweni; wokunquma ngezinhloso, amandla, amaqhaza kanye nemisebenzi yesiKhungo; wokunquma indlela okuzophathwa, kubuswe, kuqashwe futhi kusekwe ngayo isiKhungo ngezimali; wo kuhlinzekela ukwakhiwa kweNqubomgomo yokuTshalwa kweziMali neMpahla ePhumayo yesiFundazwe; nokuhlinzeke la okunye okuphathelele nalokho.

MAKUMISWE UMTHETHO yisiShayamthetho sesiFundazwe saKwaZulu-Natali, kanje:-

UKUHLELEKA KWEZIGABA*Isigaba***ISAHLUKO 1****IZINCAZELO**

1. Izincazelo

ISAHLUKO 2**I-TRADE AND INVESTMENT KWAZULU-NATAL**

2. Ukusungulwa kwe-Trade and Investment KwaZulu-Natal
3. Izinhloso zesiKhungo
4. Amandla, izibopho nemisebenzi yesiKhungo

ISAHLUKO 3**IBHODI YESIKHUNGO**

5. Ukwakheka kweBhodi
6. Ukuhoxiswa ekuqokelweni eBhodini
7. Ukudalula ukuhlomula ngokwezezimali nokunye ukuhlomula kwamalungu eBhodi
8. Isikhathi sokuba sesikhundleni nokuqokwa kabusha kwelungu leBhodi
9. Izikhala zomsebenzi, ukususwa nokwesula esikhundleni kwamalungu eBhodi
10. Ukumiswa okwesikhashana kwelungu leBhodi
11. Imihlangano kanye nezinqubo zemihlangano yeBhodi
12. Ukuhoxa kwelungu emihlanganweni kanye nenqubo yeBhodi
13. Ukuholelwa kwamalungu eBhodi
14. Ukusungulwa kwamakomidi asiza iBhodi
15. Ukwengezwa kwabantu eBhodini noma emakomidini eBhodi

ISAHLUKO 4**ISIKHULU ESIPHEZULU KANYE NABASEBENZI BESIKHUNGO**

16. Isikhulu esiPhezulu sesiKhungo
17. Imisebenzi yesiKhulu esiPhezulu

18. Ukwesula kanye nokususwa esikhundleni kwesiKhulu esiPhezulu
19. Abasebenzi besiKhungo
20. Ukusiswa noma ukudluliselwa esiKhungweni kwabasebenzi

ISAPHLUKO 5

UKUNQUNYWA KWENQUBOMGOMO YOKUTSHALWA KWEZIMALI NEMPAHLA EPHUMAYO YESIFUNDAZWE

21. INqubomgomo yokuTshalwa kweziMali neMpahla ePhumayo yesiFundazwe
22. UHlelo lokuTshalwa kweziMali neMpahla ePhumayo lwesiFundazwe
23. Iziqondiso zeNqubomgomo

ISAPHLUKO 6

UXHASOMALI NOKUPHATHWA KWEZIMALI ZESIKHUNGO

24. Uxhasomali lwesiKhungo
25. Ukuphathwa kwezimali
26. Ukucwaningwa kwamabhuku kanye nombiko wonyaka
27. Ukusungulwa kanye nokuphathwa kwezimali ezi khethekile
28. Unyaka wezimali wesikhungo
29. Impahla engenakususwa
30. Ukuthathelwa izinyathelo zomthetho kwesiKhungo

ISAPHLUKO 7

IZINHLINZEKO EZEJWAYELEKILE

31. Ukuphepha kolwazi oluyimfihlo olugcinwe yisiKhungo
32. Ukuhlakazwa kwesiKhungo
33. Ukusetshenziswa kwagama lesiKhungo
34. Ukudluliselwa kwamandla
35. IMithethonqubo
36. Ukuvalwa kweNkampani kanye nezinhlinzeko zesikhashana zalezo zinguquko
37. Amacala ajwayelekile
38. Izinhlawulo
39. Isihloko esifingqiwe

ISAPHLUKO 1

IZINCAZELO

Izincazelo

1. Kulo Mthetho, ngaphandle uma ingqikithi isho okwehlukile –

"isiKhungo" kusho i-Trade and Investment KwaZulu-Natal esungulwe ngokwesigaba 2;

"iBhodi" kusho iBhodi yesiKhungo eqokwe ngokwesigaba 5;

"isiKhulu esiPhezulu" kusho isiKhulu esiPhezulu sesiKhungo, esiqokwe ngokwesigaba 16;

"iBhizinisi elizimele" kusho ibhizinisi elizimele njengoba kuchazwe esigabeni 1(1) soMthetho wamaBhizinisi aziMele, 1984 (uMthetho No. 69 ka 1984);

"inkampani" kusho inkampani njengoba kuchazwe kuMthetho weziNkampani, 1973 (uMthetho No. 61 ka 1973);

"iNkampani" kusho inhlango edidiyelwe ngokwesigaba 21 soMthetho weziNkampani, 1973 (uMthetho No. 61 ka 1973), eneNombolo yokuBhalisa kweziNkampani engu-98/11946/08, futhi yaziwa ngokuthi i-Trade and Investment KwaZulu-Natal;

"uMthethosisekelo" kusho uMthethosisekelo weRiphabhulikhi yaseNingizimu Afrika, 1996;

"uMnyango" kusho uMnyango Wezokuthuthukiswa Komnotho Nezokuvakasha esiFundazweni saKwaZulu-Natali;

"uMkhandlu oPhethe" kusho uMkhandlu oPhethe esiFundazweni saKwaZulu-Natali ohlongozwe esigabeni 132 soMthethosisekelo;

"iGazethi" kusho iGazethi esemthethweni yesiFundazwe saKwaZulu-Natali;

"iNhloko yoMnyango" kusho umuntu oqokwe njengeNhloko yoMnyango ngokwesigaba 12 soMthetho Wemisebenzi Kahulumeni nezichibiyelo zawo ;

"ilungu" kusho ilungu leBhodi sesiKhungo eliqokwe ngokwesigaba 5;

"iLungu loMkhandlu oPhethe elibhekele ezezimali" kusho ilungu loMkhandlu oPhethe esiFundazweni saKwaZulu-Natali elibhekele ezezimali;

"uMgcinimafa kaZwelonke" kusho uMgcinimafa kaZwelonke osungulwe yisigaba 5 soMthetho wokuPhathwa kweziMali zikaHulumeni, 1999 (uMthetho No. 1 ka-1999);

"ohulumeni basekhaya abahlelekile" kusho inhlango yesifundazwe emele omasipala KwaZulu-Natali, eyamukelwe ngokwesigaba 163 soMthethosisekelo kanye nesigaba 2 soMthetho woHulumeni baseKhaya abahlelekile, 1997 (uMthetho No. 52 ka 1997);

"iKomidi lemiSebenzi yasePhalamende" kusho iKomidi lemiSebenzi yasePhalamende lesiShayamthetho sesiFundazwe elibhekele ukuthuthukiswa kwezomnotho nezokuvakasha;

"isiFundazwe" kusho isiFundazwe saKwaZulu-Natali esihlongozwe esigabeni 103 soMthethosisekelo futhi igama "isifundazwe" linencazelo efanayo;

"imithethonqubo" kusho imithethonqubo eyenziwe ngokwesigaba 35;

"iLungu eliqondene loMkhandlu Ophethe" kusho iLungu loMkhandlu oPhethe esiFundazweni saKwaZulu-Natali elibhekele ukuthuthukiswa komnotho nezokuvakasha noma lelo lungu loMkhandlu oPhethe esiFundazweni saKwaZulu-Natali uNdunankulu angalijuba ukuba liphathe ngokwalo Mthetho;

"lo Mthetho" ubandakanya imithethonqubo.

ISAHLUKO 2

I-TRADE AND INVESTMENT KWAZULU-NATAL

Ukusungulwa kwe-Trade and Investment KwaZulu-Natal

2.(1) Ngelokhu kusungulwa isikhungo esizogqugquzela ezohwebo kanye nokutshalwa kwezimali esiFundazweni esizokwaziwa ngokuthi yi-Trade and Investment KwaZulu-Natal.

(2) IsiKhungo siyisakhiwo esimiswe ngokomthetho nesisebenza ngeBhodi.

(3) IsiKhungo siyisakhiwo sikhulumeni wesifundazwe ngokoMthetho Wokuphathwa Kwezimali Zikhulumeni, 1999 (uMthetho No. 1 ka-1999)

(4) IBhodi yilona elingumgwamanda onesibopho sokubika ngesiKhungo njengoba kuhlongozwa esigabeni 49(2)(a) soMthetho Wokuphathwa Kwezimali Zikhulumeni..

Izinhloso zesiKhungo

3. Izinhloso zesiKhungo –

- (a) ukuheha abatshalizimali basemazweni angaphandle nabalapha ekhaya;
- (b) ukwandisa amathuba okuhandjiswa kwempahla emazweni angaphandle nezindawo zokuhambisa impahla; kanye
- (c) nokwenza imisebenzi, ukugcina izibopho kanye nokusebenzisa amandla okubalulwe esigabeni 4.

Amandla, izibopho nemisebenzi yesiKhungo

4.(1) IsiKhungo kumele –

- (a) sihlonze, sithuthukise, siqhakambise futhi sigqugquzele amathuba okutshalwa kwezimali akhona esiFundazweni kubatshalizimali bamazwe angaphandle nabakuleli;
- (b) sisungule izindlela zokuhandjiswa kwempahla emazweni angaphandle esiFundazweni;
- (c) sisungule izindlela zokuqhakanjiswa kwempahla ephumayo yesiFundazwe;
- (d) sikhulise ezohwebo nokutshalwa kwezimali esiFundazweni;

(e) sisungule uhlelo lokutshalwa kwezimali esifundazweni nempahla ephumayo ukuze kuthuthukiswe, kugqugquzelwe kuphinde kuqhakanjiswa u kutshalwa kwezimali nempahla ephumayo yesiFundazwe; futhi

(f) silondoloze siphinde sigcine imininingwane kwikhompyutha yamathuba ezokutshalwa kwezimali esiFundazweni ukuze ngaleyo ndlela kuhlomule yonke imikhakha yezomnotho.

(2) IsiKhungo –

(a) ngenhloso yokuthuthukisa, yokugqugquzela, kanye neyokuqhakambisa ukutshalwa kwezimali nempahla ephumayo esiFundazweni, futhi kuncike kwimvume ebhalwe phansi yiLungu loMkhandlu oPhethe elibhekele ukuthuthukiswa komnotho nasesigabeni 54(2) soMthetho wokuPhathwa kweziMali zikaHulumeni, 1999 (uMthetho No. 1 ka 1999) –

(i) singasungula futhi siqhube inkampani eyodwa noma ngaphezulu, ibhizinisi elizimele noma imigwamanda efanayo futhi singathenga noma sidayisele lezo zinkampani, lelo bhizinisi elizimele noma leyo migwamanda amasheya;

(ii) singahlanganyela ebhizinisini nezinye izikhungo, izinhlangano, omasipala, imigwamanda noma abantu;

(iii) singasebenzisana, noma sithenge noma sidayise noma yimaphi amasheya kunoma yiziphi izinkampani, amabhizinisi azimele noma kweminye imigwamanda efanayo; futhi

(iv) singaqoqa izimali ngokuthola usizo lweminikelo kanye noxhasomali;

(b) singaxhumana nanoma yiliphi elinye ibhizinisi, uhlaka lombuso inhlangano noma i sikhungo esimisebenzi yaso noma esizinhloso zaso zinomthelela futhi zihambisana nokuqhakanjiswa kwezentuthuko, nokugqugquzela ukutshalwa kwezimali esiFundazweni;

(c) singaphenya futhi senze izincomo eMkhandlwini oPhethe, ngeLungu loMkhandlu oPhethe elibhekele ukuthuthukiswa komnotho, nga noma yiluphi udaba oluphathelene ngqo noma oluphathelene ngandlela thile nokugqugquzelwa, nokuthuthukiswa noma nokuqhakanjiswa kokutshalwa kwezimali esiFundazweni;

(d) singangena ezivumelwaneni ukuze siphumelelise izinhloso zaso, sisebenzise amandla aso, sigcine izibopho futhi senze imisebenzi yaso noma siphathe futhi silawule izindaba zaso, okungaba ezingahlinzekelwe noma ezihlinzekelwe kulesi sigaba; futhi

(e) singenza noma i yiphi enye into noma singenelele kunoma yiluphi udaba iLungu loMkhandlu oPhethe elibhekele ukuthuthukiswa komnotho elibona lunesidingo ukuze kuqaliswe ngandlela efanele lo Mthetho.

(3) Ukwengeza emandleni okukhulunywa ngawo esigatshaneni (2), isiKhungo, sinamandla okukhulunywe ngawo esigabeni 34, nakuSheduli 2, eMthethweni weziNkampani, 1973 (uMthetho No. 61 ka 1973).

ISAHLUKO 3 IBHODI YESIKHUNGO

Ukwakheka kweBhodi

5.(1) IBhodi iqukethe –

